




CACHET
GEREFORMEERDE KERK

8 Mei 2022



www.gkcachet.org.za

Afrikaanse ErediensteSondae 09:30 en 18:00

In die Gemeentesentrum (GS) op
NWU Kampus, Hoffmanstraat 28

English Worship ServiceSundays 10:45

In the Church House on the
NWU Campus, 28 Hoffman Street

KerkkantoorDinsdae en Vrydae 08:30-12:00

Lulu Coetsee – 018 294 4894;
079 4949 7360

Predikante

Ds Brahm Robinson – 064 656 1374;
brahmrobinson@gmail.com
Ds Noah Kim – 082 593 6428;
solaprochristo@hotmail.com

Kontakpersone & Inligting **Susters:**

Lida Robinson – 076 263 4983
robinsonlida@gmail.com
Jonette Terblanche – 071 563 5165
Jonetteterblanche@gmail.com

Koster en PowerPoint:

Schalk Buys – 063 679 7071
schalkbuys7@gmail.com

Vervoer na eredienste en kerkaksies:

Pieter Deysel –
079 695 0027

**Preekopnames:**

<http://gkcachet.org.za/preke/>

**Psalms begeleiding deur Tilla Labuschagne:**

<https://npwepener.wixsite.com/website>

**Hulppredikante:**

Prof. ("Net Oom") Henk Stoker – 082 327 8921
Prof. ("Net Albert") Albert Coetsee – 084 577 1777

Diakonie (vir koskas, nood en skenkings):

Schalk Buys – 063 679 7071
cachetdiakonie@gmail.com
ABSA Tjekrekening: 0670280012

Jubila-voorsitter:

Frikkie Deysel – 079 695 0119
Frikkie4deysel@gmail.com

Stuur enige inligting vir die Cachetbiljet na:

Minette van Vuuren – 084 580 4002
minie.vanvuuren@gmail.com

Bankbesonderhede:

Gereformeerde Kerk Cachet
Takkode: 632005
ABSA-tjekrekening
Rekeningnommer: 06 7034 0023
Verwysing: wyk, voorletters en van



Oggenddiens

Ds. Brahm Robinson

Skrifgedeelte: Psalm 100

Tema: Juig voor die Here!



Aanddiens

Prof. Albert Coetsee

Skrifgedeelte: Prediker 1:12–2:26

Tema: Die sin van die lewe lê in die erkenning van God
in alles!




gedagte vir die week

Van my lippe stroom die sange,
want U maak my waarlik wys:
al u wette is regverdig,
daarom sal my tong dit prys.

Psalm 119:61B (Totius)

Lief en Leed:

† Ons is tans nie bewus van enige leef en leed nie.




Liefdegawes:

Elektroniese betalings van kollektes en bydraes:



Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir die eerste kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PXMP46287>
Oggend 1ste kollekte:
 Diens van Barmhartigheid

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Diens van Barmhartigheid (deponeer elke kollekte apart)

Vir die werk van die diakonie:

Snapscan vir tweede kollekte:


<https://pos.snapscan.io/qr/PVA181324>
Aand 2de kollekte:
 Emeritaatsfonds

EFT vir kollektes:

GK Cachet diakonie

ABSA Tjekrekening

0670280012


Takkode: 632005

Verwysing:

- Emeritaatsfonds (deponeer elke kollekte apart)

Maandelikse bydraes vir onderhouding van die Woordbediening:

Snapscan vir maandelikse bydraes:

<https://pos.snapscan.io/qr/5kcTaV-l>

ABSA Tjekrekening
0670340023
Takkode: 335138
Verwysing: Naam, van en wyk

VERJAARSDAE:

7 Mei Ruan van Rheede van Oudtshoorn

9 Mei Esmarie van der Merwe

14 Mei Cheer Motshwaiwa

Ek wil terwyl ek lig geniet,
Gods grootheid sing in psalm en lied.
En die oorpeinsing van my gees –
mag dit Hom welgevallig wees!

Psalm 104:20



Administratief

1. Attestate ontvang

- Marinique van Loggenrenberg vanaf *GK Jeffreysbaai*
- Carissa du Plessis vanaf *GK Magol*



2. Nagmaal (15 Mei 2022)

Ons vier DV volgende Sondag nagmaal. Dit sal die oggend tydens die Engelse diens gevier word, en tydens die aanddiens in Afrikaans. Daar sal steeds 'n oggenddiens in Afrikaans wees.



3. Sustersaksie (10 Mei 2022)

Die susters word almal uitgenooi na ons sustersaksie Dinsdagaand om 18:00. Daar gaan iemand van Huis Hebron met ons kom gesels, en ons gaan lekker saam sop eet en kuier na die tyd.



4. Broederaksiebond (10 Mei 2022)

Die broeders word almal uitgenooi na Dinsdagaand se Bubblesoccer bring-en-braai. Dit begin 18:00 en die koste is R75. Sluit aan by die WhatsApp-groep, asseblief.



[Broederaksie 10 Mei](#)





[RSVP Nagmaal ete](#)

CACHET BAZAAR

@ Rotary Club (langs die Snowflake)
3 Kock Street, 2520 Potchefstroom

Saterdag, 21 Mei

09:00 – 16:00

- Potjiekoskompetisie
- Kosstalletjies
- Klereverkoop
- Aktiwiteite vir
oud en jonk
en vele
meer !!



Potjiekos Kompetisie

Kom maak die 21ste Mei jou eie potjie. Wys die mense jou pot is die beste!

Inskrywings sluit 18 Mei

Waar: Rotary Club (langs Snowflake)

Wanneer: 21 Mei 2022

Kostes: R60 per bord

Potte moet teen 18:00 klaar wees

Skakel Schalk op 063 679 7071 om in te skryf



— Gereformeerde Kerk Cachet —

SKOLIES KAMP

10-15 JULIE 2022
HOU DIE DATUM OOP
(VOORAFKAMP: 8-10 JULIE)





Cachet Kiddies party!




Lofsangaand Psalm 119-beryming



‘N LEERREEKS OOR
DIE DORDTSE LEERREËLS
aangebied deur die Teologiese Studente Vereniging

16 MEI 2022, 14:00

GKSA ADMIN BURO



‘n Leerreeks wat dieper delf in die geskiedenis, konteks
en aanloop tot die Dordtse leerreëls,
aangebied deur dr Gerard Meijer en ds Gerben Meijer.

Vir meer inligting, kontak Alistair: 066 553 2740

WAT IS DIE EVANGELIE?

'n TSV en Teologie Hoofstuk
aanbieding

Datum: Woensdag 18 Mei

Tyd: 10:00-11:00

**Plek: GK Bult (Langs die
Teologiese Skool)**

Ds Brahm Robinson



GK Daspoort nooi u
hartlik uit na ons eerste

DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Tema:

Die HEILIGHEID van God

10-12 Junie 2022

Gereformeerde Kerk Daspoort

728 Jenningsstraat

Daspoort

Sprekers:

- Ds. Kosie Henning
- Prof. Henk Stoker
- Ds. Cobus Rossouw
- Ds. Piet le Roux
- Ds. Wiku van Rooyen

Registrasie is
GRATIS!

Registreer asb voor 3 Junie by
www.gkdaspoort.co.za/konferensie
om jou plek te bespreek!

Fanie Viljoen - 082 473 1552

Japie Venter - 082 823 8019

Veilige parkering / Kinderoppassers beskikbaar.



Wat beteken die
Heiligheid van God
vir jou as gelowige??



DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Die HEILIGHEID van God

Gereformeerde Kerk Daspoort

PROGRAM

10 Junie 2022

17:00 - 18:00	Ontvangs en inskrywings
18:00 - 18:30	Opening en verwelkoming
18:30 - 19:30	Sessie 1: Die Heiligheid van God gedefinieer - Ds. Kosie Henning
19:30 - 19:45	Pouse
19:45 - 20:45	Sessie 2: Sondaars voor 'n Heilige God - Ds. Cobus Rossouw

11 Junie 2022

08:00 - 08:30	Koffie en beskuit
08:30 - 09:30	Sessie 3: Wees Heilig, want Ek is Heilig - Prof. Henk Stoker
09:30 - 09:45	Pouse
09:45 - 10:45	Sessie 4: Die Heiligheid van God in gebed - Ds. Wiku van Rooyen
10:45 - 11:15	Pouse
11:15 - 12:15	Sessie 5: Die Heiligheid van God in die huwelik - Ds. Pieter le Roux
12:15 - 12:30	Pouse
12:30 - 13:30	Paneelbespreking oor praktiese vraagstukke aangaande die Heiligheid van God.

12 Junie 2022

09:00	Erediens met tema: Hoe ken ons die Heilige God - Ds. Kosie Henning
-------	---

Gaan uit en getuig van die Hemelvaart!

“Terwyl Hy hulle seën,
het Hy van hulle af weggegaan
en is Hy in die hemel opgeneem.”

LUKAS 24:51



maandeliks
gratis
gereformeerd

Met Hemelvaartsdag herdenk én bely ons dat Jesus na die hemel opgevaar het. Dié dag word 40 dae na Paasfees, na Jesus uit die dood opgestaan het, gevier. Tog vind mens dikwels dat Hemelvaartsdag, wat jaarliks op 'n Donderdag plaasvind, in die alledaagse lewe verlore raak. Dis amper asof, wanneer die langnaweke rondom Paasfees verby is, mens jou afsluit van die res van die Christelike feesdae – tot Kersfees kom! Tog is dit 'n dag wat ons met die nodige erns moet vier.

Met hemelvaart is Jesus se werk op aarde waarlik voltooi. Ons kan dit selfs as die hoogtepunt van sy werk hier beskou. Jesus gaan dan in heerlijkheid terug na sy Vader om saam met Hom tot in alle ewigheid te regeer. Dis veral belangrik om te verstaan dat Jesus moes teruggaan sodat Hy sy Heilige Gees kon uitstort. Deur die Heilige Gees

word ons onder andere oortuig dat Christus vir óns kom sterf het, sodat ons uiteindelik die ewige lewe kan kry. Dit is dus noodsaaklik vir ons verlossing!

Ongelukkig is daar baie mense – selfs gelowiges – wat nie mooi weet wat Hemelvaartsdag is en hoekom dit gevier word nie. As Christene is dit ons werk om van ál die gebeure in die Bybel te getuig.

In hierdie maand se Kruispad e-tydskrif kyk ons na [die gebeure](#) van hemelvaart; [hoekom](#) dit moes plaasvind, en [hoekom](#) ons dit moet vier. Ons lees spesifiek van die gebeurtenis van Hemelvaartsdag in Markus 16:19-20, Lukas 24:50-53 en Handeling 1:9-14. Jy kan ook op Kruispad e-tydskrif se webwerf [al die artikels oor die hemelvaart](#) gaan lees.

Hierdie jaar val Hemelvaartsdag op 26 Mei 2022. Gaan uit en getuig van wat hierdie wonderlike dag vir ons as gelowiges beteken!

Tot volgende maand,

Wilna Myburgh

Kruispad-redaksie

Interessantheid: Lank gelede was Hemelvaartsdag in Suid-Afrika as 'n openbare vakansiedag beskou. Van die 193 lidlande van die Verenigde Nasies, met ander woorde regoor die wêreld, is daar sowat 47 lande wat dit nog as 'n vakansiedag vier. Moenie dat die feit dat jóú land dit nie 'n vakansiedag noem, jou weerhou daarvan om dit te vier nie.



Die gebeure van Jesus Christus se hemelvaart

Wat vier ons met Hemelvaartsdag? [Lees meer](#) van die spesifieke gebeurtenis in die Bybel en wat dit vir ons beteken.



Hoekom moes Jesus teruggaan na sy Vader in die hemel?


Jesus is weg van die Vader in vernedering en is nou terug by die Vader in heerlijkheid. Wat beteken dit? Hoekom moes Jesus hemel toe gaan? [Lees hier](#).

Deel die blye boodskap!


Wil jy hierdie e-tydskrif in jou kerk se nuusblad plaas of dit aanstuur? Klik op [hierdie skakel](#) om 'n PDF-dokument af te laai, met skakels na die onderskeie artikels, wat jy dan kan gebruik. Kyk ook op ons [webwerf](#): Elke artikel het 'n druk-opsie dat jy dit kan aflaai of uitdruk. Jy kan ook die artikels per e-pos of selfs Whatsapp deel!




PSALM 18:1 (DEEL 1)



Ek het U hartlik lief, o HEER!




U is my sterkte en teëweer:



Die HEER 's my rots, my vesting sterk,



my Redder wat my heil beverk,



Verskyn sedert 1 April 1873 as “De Maandbode” en sedert 1 Oktober 1894 as “Het Kerkblad”

die Kerkblad

Mei 2022

Die werklikheid van Hemelvaart

Volharding is nodig!

www.gksa.org.za



Inhoud

Mei 2022



JAARGANG 123, NO. 3366
Mei 2022

- 1 VAN DIE REDAKTEUR
Die werklikheid van Hemelvaart in 2022
- 4 UIT DIE WOORD
Christus se hemelvaart is tot voordeel van die kerk
- 6 REDAKSIONEEL
Die wonder van die gebed
- 8 BRANDPUNT
Volharding is nodig!

- FOKUS
10 Oorlog beoordeel – In U Lig
12 Sinodeskatte – 3 – SINODE 1866

- SKRIFSTUDIE
14 Siekte, dokters en vertroue op die Here (2)

- AKTUEEL
17 GEREFORMEERDE ONDERWYS – HOEKOM? (1)

- 20 Lief en Leed
22 Kleinadvertensies

REDAKSIEKOMMISSIE

REDAKTEUR: Prof. CFC Coetzee
KOPIEREDAKTEUR: Mev. J Fourie
ADDISIONELE LEDE: Ds. C Aucamp, prof. SP van der Walt, prof. J Smit, mev. V de Kock, dr. MN Hermann

Adresbesonderhede:

- Die Redakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: callie.coetzee@nwu.ac.za; sel. 082 337 7951
- Kopieredakteur, Die Kerkblad, Posbus 20008, Noordbrug, 2522; e-posadres: kerkblad@gksa.co.za; tel. 018 297 3986
- Navrae in verband met rekenings, adresveranderings, intekening: Me. Angie Mokobi, tel. 018 297 3986; e-posadres: tydskrifte@gksa.co.za

Intekengeld (geldig vanaf 1 Julie 2021 – 30 Junie 2022):

Die Kerkblad (self afhaal by Admin Buro, posgeld uitgesluit, 11 uitgawes) – R323
Die Kerkblad (individuele intekening, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R465
Die Kerkblad (in groep, na die gemeente gestuur, posgeld ingesluit, 11 uitgawes) – R437
Die Kerkblad (elektroniese intekening, ontvang per e-pos, 11 uitgawes – R135

Intekening moet skriftelik gekanselleer word

DRUKKERS: V&R Drukkery, tel. 012 333 2462



EIENAARS EN UITGEWERS

Deputate Kerklike Tydskrifte van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksiekommissie nie. Tensy anders vermeld, word die hoofartikels deur die redakteur geskryf. Die Redaksie behou hom die reg van plasing van bydraes, asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.



Die werklikheid van Hemelvaart in 2022

Ons kan seker die stelling maak dat die eerste maande van 2022 nie verloop het soos baie mense gehoop het nie. Soveel van ons het geliefdes aan die dood afgestaan, of die nuus van ernstige siekte ontvang. Die Covid-pandemie is nog nie verby nie, alhoewel die getalle deur God se genade afgeneem het. Misdaad en geweld, moord en bedrog en korrupsie woed steeds voort. By dit alles is daar die onbeskryflike leed en pyn en lewensverlies van die oorlog in die Oekraïne.

So kan ons voortgaan om die omstandighede van 2022 op te noem soos ons dit elke dag sien en lees en beleef.

Die rykdom en werklikheid van Hemelvaart

En nou herdenk ons midde-in bogenoemde omstandighede in hierdie tyd die hemelvaart en troonsbestyging van ons Here Jesus Christus. Die vraag is of ons nog die rykdom en werklikheid, die ontsaglike betekenis van Hemelvaart as deel van sy verlossingswerk beleef. Vir hoeveel mense is die omstandighede waarna hierbo verwys is, die allesbeheersende in hulle gedagtes en gesprekke? Vir hoeveel mense is die hemel heeltemal buite die gesigsveld? So was dit ook daardie dag toe Christus liggaamlik vanaf die Olyfberg opgevaar het. Dit het geruisloos plaasgevind. Net die dissipels het dit gesien en beleef. Daar onder in Jerusalem se strate het die lewe sy gewone gang gegaan, soos hier in ons strate.

En dit terwyl Hemelvaart 'n allesbeheersende en wêreldomvattende werklikheid is, en nie die omstandighede wat aan die begin van hierdie artikel genoem is nie. Calvyn (*Inst. 2.16.14*) gaan sover om te sê: "... hoewel Christus deur sy opstanding sy heerlijkheid en krag voller begin openbaar het, omdat Hy alreeds die verwerplike en onaansienlike toestand van 'n sterflike lewe en die skande van die kruis laat vaar en afgelê het, het Hy tog eers met sy hemelvaart

waarlik 'n begin met sy koninkryk gemaak." Calvyn verwys dan na Efesiërs 4:10: "Hy wat neergedaal het, is dieselfde as Hy wat opgevaar het bokant al die hemele, sodat Hy alles tot volheid kan bring" (AFR53).

Christus het met sy hemelvaart wel liggaamlik (as mens) van ons weggegaan. Maar daarmee het Hy ons nie in die steek gelaat of verlaat nie. Inteendeel. Hy het Self in Johannes 16:7 gesê dat dit vir ons voordelig is dat Hy weggaan, want as Hy nie sou weggaan nie, sou die Trooster, die Heilige Gees, nie kom nie. So bely ons op grond van die Skrif in ons Heidelbergse Kategismus v/a 47 dat Hy, wat sy Godheid, majesteit, genade en Gees betref, nooit meer van ons weggaan nie.

Calvyn (*Inst. 2.16.14*) stel die betekenis van sy hemelvaart verder so: "Hy het trouens van ons weggegaan sodat sy teenwoordigheid daar vir ons groter voordeel sou inhou as sy teenwoordigheid in die nederige tuiste van die vlees so lank as wat Hy Hom op die wêreld bevind het ... Toe Hy dus in die hemel opgeneem is, het Hy die teenwoordigheid van sy liggaam uit ons gesigsveld weggeneem. Sy doel hiermee was nie om op te hou om die gelowiges, wat nog as vreemdelinge op die aarde vertoef het, te help nie, maar om die hemel sowel as die aarde met sy meer teenwoordige krag te regeer. Ja, met hierdie hemelvaart van Hom het Hy eerder sy belofte dat Hy met ons sal wees tot die voleinding van die tyd, gestand gedoen. Soos sy liggaam daardeur bo alle hemele verhef is, so is sy krag en werking ook bo al die eindes van die hemel en die aarde versprei en verbrei."

Lees gerus ook weer ons heerlike belydenis oor die nut van die hemelvaart in die Heidelbergse Kategismus v/a 49, dat Hy in die hemel vir ons intree, en dat Hy sy Gees as waarborg na ons gestuur het, deur Wie se krag ons soek wat daarbo is en nie wat op die aarde is nie.

Van die redakteur

Christus regeer

Ons bely ook (HK v/a 50) dat Christus met sy hemelvaart gaan sit het aan die regterhand van God (die hoogste posisie van mag en eer), om as Hoof van sy kerk oor alle dinge te regeer. Hierdie belydenis is onder andere gegrond op die waarheid van Efesiërs 1:20-22 dat God *"Hom uit die dode opgewek het, en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele bo alle owerheid en mag en krag en heerskappy en elke naam wat genoem word, nie alleen in hierdie wêreld nie, maar ook in die toekomstige. En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp ..."*

Christus regeer. Nie Satan en sy bese mag nie, nie die dodelikste siekte nie, nie Poetin of die leiers van China of Noord-Korea met hulle kernwapens wat die wêreld in vlamme kan laat opgaan nie, nie die

dood self nie. Nee, die allesbeheersende en wêreldomvattende werklikheid is die waarheid dat ons Verlosser, Jesus Christus die gekruisigde en opgestane Here, opgevaar het as die Een aan Wie behoort alle mag in die hemel en op die aarde, om oor alles te regeer. So jubel ons dit uit in Psalm 47:4: *"Hy het opgevaar, Koning is Hy daar van die heidendom. Vorste en volke kom om sy volk te wees, Abrams God te vrees ..."*

Uit hierdie werklikheid moet ons leef en dit proklaam in die droewe omstandighede van 2022. Ons kan dit alleen doen as ons elke dag uit sy Woord en die skat van ons belydenis leef, en nie uit die skewe, eensydige beelde op die televisie en in die koerante waar die enigste volle waarheid en werklikheid ver-swyg word nie. ^{CFCC}

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE MET ONS INTEKENARE

Geagte intekenaar,

Van die kant van die Redaksie wil ons u weer van harte bedank vir u volgehoue steun, deur intekening op *Die Kerkblad*. Ons het ook reeds van heelwat lidmate inligting ontvang. Dit is egter nodig dat al ons intekenare vir ons onderstaande inligting stuur (daar het sedert die vorige uitgawe weer 'n klompie intekenare inligting gestuur). As ons van verspreidingsmetode wil verander, kan dit slegs gebeur as ons die samewerking van elke intekenaar het. Daarom versoek ons u dringend om ons van die volgende inligting te voorsien:

- Is u 'n huidige of nuwe intekenaar?
- Die gemeente waarvan u lidmaat is.
- Aanduiding as u nie lidmaat van 'n Gereformeerde

gemeente is nie.

- Naam, voorletters en van.
- Telefoon/selfoonnommer.
- E-posadres.
- Hardekopie of digitale intekening.

U kan die inligting per e-pos stuur na:
kerkblad@gksa.co.za

Baie dankie vir u hulp en donasies, asook u volgehoue voorbidding vir die werk van *Die Kerkblad*. Ons sal u voortdurend op hoogte hou van enige verwikkelinge.

Hartlike groete, die Redaksie

Unieke Webtuiste Aanbod vir u Gemeente!

Hier is wat u moet weet.

Ons bied met die promosie 'n dinamiese webtuiste vir u gemeente, ons ontwerp die webtuiste dat dit op alle toestelle baie mooi en vinnig vertoon. Ons gee ook die opsie om u webtuiste self te onderhou of ons kan dit namens u doen, soos ons dit tans vir GKSA Adminburo ook doen.

Die projek is in volle samewerking met GKSA Adminburo en u kan verseker wees van 'n hoë gehalte webtuiste en ondersteuning.

U KRY DIE VOLGENDE:
30 e-pos adresse
5 Gig Data per maand geen ekstra kostes vir data per maand.

EKSTRA KOSTES SLUIT IN:
Jaarlikse Domain Hernuwing van R 250 p/j
Huisvestingfooi R 250 per maand.
(Optioneel) - Opdaterings en e-pos huisvestingfooi van R350 per maand as ons u webtuiste opdateer

Moet dit nie misloop nie!
Skakel ons vandag nog by 018 294 4882 of e-pos ons op info@gsdmail.co.za
GAAN KYK GERUS NA HIERDIE SKAKEL AS VOORBEELD WAT U KAN VERWAG.
<https://gksademo.gsdtest.co.za/>

R 2 250 Eenmalig Ontwerpkostes
SPAAR R 2 000



gsd group
EXTREME GRAPHIC DESIGN AND WEB DEVELOPMENT



V&R Drukkery (Edms) Bpk

Skakel **Ludick Venter** of **Elzabé Vosloo** vir enige navrae

Elandstraat 12, Koedoespoort

E-pos: ludick@vrprinting.co.za / elzabe@vrprinting.co.za

Tel: 012 333 2462 Faks 086 548 8643

- kaartjies
- nuusbriewe
- brosjures
- tydskrifte
- kalenders
- sagte- en hardebandboeke
- digitale drukwerk
- grafiese ontwerp

Hoë kwaliteit drukwerk waarop u trots kan wees!

Sedert 1946 in die Drukkersbedryf

Frekwensie 104.2
DStv-oudiokanaal 887
of luister aanlyn by
www.pretoriafm.co.za

Pretoria FM
hoop, glo, lééf
in Afrikaans

WÊRELDWYD

Sondag luistergenot - **06H00 tot 24H00** | 'n Keur van musiek, eredienste en kerknuus

Christus se hemelvaart is tot voordeel van die kerk

Lees: *Handelinge: 1:1-11; Heidelbergse Kategismus Sondag 18*

Teks: *Handelinge 1:9-11*

Soos in die verlede, is daar vandag mense wat die hemelvaart van Christus bevraagteken. Vir die dissipels en elke ware gelowige is die hemelvaart 'n aangrypende gebeurtenis. Met hulle oë het hulle gesien hoe Christus na die hemel opgevaar het. Toe hulle Hom nie langer kon sien nie, ontvang hulle deur twee engele die wonderlike belofte en versekering dat Hy net so sou terugkom. Anders as met sy hemelvaart, sal almal sy wederkoms beleef.

Christus se hemelvaart bevestig dat sy taak op aarde afgehandel is

Hy keer terug na sy Vader in die hemel, vanwaar Hy heers totdat Hy terugkom om sy kerk (ons) te kom haal.

Met sy hemelvaart word Christus van die aarde geskei

Dit beteken egter nie dat Hy van die wêreld en sy kerk afskeid geneem het nie. Wat sy menslike natuur betref, is Hy nie meer op die aarde nie. Wat sy Godheid, grootheid, genade en Gees betref, is Hy altyd by ons.

Nooit mag sy mensheid en Godheid van mekaar geskei word nie

In Matteus 28:19 sê Hy dat Hy tot die voleinding van die wêreld by die gelowiges is. Na sy mensheid is Hy wel in die hemel, maar na sy Godheid is Hy alomteenwoordig.

Saam met alle gelowiges lewe ons nou in die verwagting van die wederkoms van Christus

- Dit is die tyd wanneer ons vir ewig by Hom sal wees.
- Dié tyd wanneer ons God Drie-enig in volmaakte heerlikheid sal dien en eer.
- Dié tyd van ongestoorde gemeenskap met God wanneer geen sonde of ellende tussen ons sal bestaan nie.

In Christus het God naby aan ons gekom. Deur sy Gees is Hy altyd by ons, woon Hy in ons. In ons grootste vreugde en swaarkry is die Here, ons Koning, altyd by ons.

Terwyl ons nou swaar stry, weet ons dat Christus in die hemel vir ons plek gereed maak.

Christus se hemelvaart is ook sy troonsbestyging

In die hemel sit Hy sy verlossingswerk voort. Dit begin met die uitstorting van die Heilige Gees. Wanneer die Heilige Gees uitgestort word, word die dissipels, maar ook alle gelowiges, getroos. As Trooster is die Heilige Gees besig om ons in die volle waarheid van die Woord te lei. Hy versterk ons geloof en laat ons na die wederkoms uitsien.

Ná die uitstorting van die Heilige Gees word die dissipels uitgestuur om die evangelie uit te dra. As kerk word ook ons deur die Heilige Gees gelei, toegerus en gemotiveer om van die magtige daade van die Here te getuig – om te getuig wat Hy in ons lewens gedoen het en steeds doen.

Die vraag is net of ons getroue getuies is. Hoeveel dissipels – volgelingen – het ons al vir

Christus gemaak? Daar is baie ruimte vir verbetering.

Die genade is dat Christus in die hemel vir ons voorbidding doen. Hy stel ons saak voor God en trek ons steeds nader aan Hom. Christus is besig om sy wederkoms voor te berei. Hy maak ons gereed vir die oorgang tot die ewige heerlikheid. Deur sy Woord en Gees is Hy besig om die nuwe lewe in ons te bewerk. Hy maak ons meer en meer soos Hy ons wil hê. Hy pleit dat ons geloof nie sal ophou nie.

In daardie moeilike tye wanneer ons sukkel om te bid, is Hy naby ons. Hy ondersteun en dra ons. Deur sy Gees en Woord gee Hy nuwe geloofsmoed en krag om in die wedloop van die geloof te volhard. Ons volharding moet enduit volgehou word sodat ons tot volle geestelike rypheid sal kom (Jak. 1:4).

Wanneer ons geloofsinsinking beleef en ons ver van God af voel, bid Christus dat ons geloof sal hou. Ook wanneer ons teen God opstandig is, pleit Christus vir ons. Op grond van sy oorwinning oor die sonde, Satan en die dood pleit Hy, verseker Hy ons dat ons saak met God reg is.

Wanneer dit voel asof ons gebed teen die plafon vasslaan, staan Hy ons by. As ons nie weet wat en hoe ons behoort te bid nie, pleit die Heilige Gees vir ons. Met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie, pleit Hy vir ons.

En God, wat ons harte ken, weet wat die bedoeling van die Heilige Gees is (Rom. 8:26, 27). Volgens God se wil pleit Hy vir ons. Selfs wanneer ons op die sterfbed nie

meer kan bid nie, word ons deur die krag van Christus deurgedra. Niks sal ons ooit van God en sy liefde skei nie.

Dit is tot voordeel van sy kerk dat Hy na die hemel opgevaar het Christus se hemelvaart wys ons op die einde van sy werk op aarde en die begin van sy werk in die hemel. Deur dit wat Hy reeds afgehandel het, mag ook ons einde op aarde die begin van ons hemelse vreugde wees. Ons afskeid hier word deur die welkomsgroet in die hemelse Vaderhuis opgevolg.

Terwyl ons nog hier op aarde is, soek ons na die dinge wat daarbo by Christus is. Ons moenie net na die aardse dinge soek nie. Die tydelike dinge neig om ons aandag van God en sy koninkryk af weg te trek. Dinge, soos die onsekere toekoms en alles wat ons aardse bestaan bedreig, moenie ons uitsig en aandag van God se ewige raadsplan af wegtrek nie.

Ons is geroep en word bekwaam gemaak om die blye evangelie tot die uiterste van die aarde uit te dra. ^{DK}

HEIDELBERGSE KATEGISMUS SONDAG 18, V/A 48

Vraag: Maar as die mensheid nie oral is waar die Godheid is nie, word die twee nature in Christus dan nie van mekaar geskei nie?

Antwoord: Nee, glad nie. Die Godheid kan immers deur niks ingeperk word nie, en is orals teenwoordig. Hieruit moet volg dat die Godheid wel buite sy aangenome mensheid is, maar tog ook daarin is en persoonlik daarmee verenig bly.

LICORNA BEACH

UMHLANGA ROCKS, NOORDKUS

*Luukse seefront - vakansiewoonstelle, slegs 20km noord van Durban.
Volledig toegerus. Lugreëling, Satelliet TV, Diens, Wassery en swembad.*

SENIOR BURGERS - geen trappe van woonstel na strand.
Besprekings - Tel: (031) 561-2344; Faks: (031) 561-2974

**LAGOONRYLAAN 82, POSBUS 544
UMHLANGA ROCKS 4320**

**E-pos: licorna@intekom.co.za
<http://licorna.co.za>**



Die wonder van die gebed

Nie een van ons kan sommer enige tyd by die president van die land se deur instap en met hom gesprek voer nie, al is hy 'n gewone mens soos ons. Besef ons nog die wondergawe wat God in sy genade aan ons gegee het in die gebed? Ons kan enige oomblik van die dag of die nag net ons oë sluit en tot die almagtige God, ons Vader in die hemel, bid. Hoeveel erns maak ons met hierdie wonder? Hoe gaan dit met ons gebedslewe? Is dit nie dikwels maar 'n rympie wat ons onnadenkend opsê nie?

Die wese van die gebed

Calvyn (*Inst.* 3.20.2) het gesê gebed is 'n omgaan van mense met God waardeur hulle die hemelse heilighede ingaan. So maak hulle in sy teenwoordigheid aanspraak op sy beloftes. Augustinus het gesê die gebed is die asemhaling van die siel. As 'n mens ophou asemhaal, gaan jy dood. Ursinus, met verwysing na Psalm 141:2, sê dit aangrypend: *“Die gebed is die mooiste godsdiens wat God van ons vorder, die mooiste en lieflikste dankoffer, die aangenaamste reuk en die edelste wierook voor die aangesig van God.”* Dit is ook Calvyn wat treffend verklaar het dat die skatte wat deur die evangelie van die Here aangewys is, deur die gebed uitgegrawe word. Die gebed is 'n gawe van God. Maar dit is ook 'n opdrag. Ons lees in 1 Tessalonisense 5:17: *“Bid sonder ophou.”* En in Lukas 21:36 gee Jesus Self die opdrag: *“Waak dan en bid altyddeur.”* Die gebed is die gelowige se magtigste wapen. Op jou knieë kan jy nie struikel nie.

Waarom moet ons bid?

Die Heidelbergse Kategismus gee tweeërlei antwoord op die vraag waarom die gebed vir Christene nodig is. In die eerste plek bely ons dat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis. Dit is die priesterlike hart van ons godsdiens. Om te bid, is

om te offer, soos ons lees in Psalm 50:14: *“Offer dank aan God en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.”* Daar is in ons geloofslewe en ons dankbaarheidslewe niks belangriker as die gebed nie.

In die tweede plek verklaar die Kategismus dat die Here sy genade en sy Heilige Gees alleen aan diegene gee wat Hom sonder ophou met hartlike sugte daarom bid en daarvoor dank. Dit beteken nie dat die Here dit nie sonder ons kan gee nie, maar dat Hy dit nie anders wil doen nie. Dit bring ons by die vraag of die Here dan nie weet wat ons nodig het nie, en of die Here dan nie ook baie gawes en genade gee aan mense wat nooit bid nie. Calvyn het hieroor die volgende gesê (*Inst.* 3.20.3): *“Maar, sal iemand sê, weet God dan nie wat ons probleme is sonder dat ons Hom vertel nie? En wat vir ons goed is? Dit kan dus in 'n sekere sin lyk of dit oorbodig is dat ons Hom met ons gebede lastig val. Hy sluimer of slaap tog nie totdat Hy deur ons stem gewek word nie. Maar hulle wat so redeneer, let nie op die doel waarmee die Here sy kinders leer bid het nie. Dit was nie soseer om sy onwil nie, as ter wille van onself. Hy wil hê – soos ook paslik is – dat aan Hom gegee word. En dit moet geskied deur met gebede te erken dat Hy die Gewer is van alles wat mense begeer of meen vir hulleself nuttig is.”*

Die Here verbind die wonderlikste beloftes aan ons gebede. Ons kan hier dink aan die volgende tekste:

- Lukas 11:9 – “*Bid en vir julle sal gegee word; soek en julle sal vind; klop en vir julle sal oopgemaak word.*”
- Matteus 7:7, 8; Psalm 50:15 – “*Roep My aan in die dag van benoudheid; Ek sal jou uithelp en jy moet My eer.*”
- Lukas 11:13 – “*As julle dan wat sleg is, weet om goeie gawes aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan dié wat Hom bid?*”

Die almagtige God het in sy alwysheid in die volvoering van sy Raadsplan ook ’n plek gegee vir ons gebede. In Openbaring 6:10 lees ons van die siele van die afgestorwe heiliges wat bid: *Hoe lank, o heilige en waaragtige Heerser? En in Openbaring 8 lees ons, wanneer die sewende seël oopgemaak word, dat daar omtrent ’n halfuur (simbolies) lank stilte in die hemel kom. En in dié tyd styg die reukwerk van die gebede van die heiliges op voor die aangesig van God.*

Hoe moet ons bid?

In Sondag 45 van die Heidelbergse Kategismus word ook gevra hoe die gebed moet wees wat God behaag en deur Hom verhoor word. Ons kan ook verkeerd bid. Die Fariseër en die tollenaar het albei gebid, maar slegs die tollenaar se gebed is verhoor (Luk. 18:9-14).

Ons moet in die eerste plek met ons gebed na die regte adres gaan. Dit beteken dat ons alleen die enige waaragtige God van harte moet aanroep soos Hy Hom in sy Woord geopenbaar het. Die gebed en die Woord gaan dus altyd saam. Sonder die Woord bly God vir ons onbekend en onpersoonlik, en kan ons nie werklik bid nie. Dit beteken ook dat die gebed bo alles lof en dank en aanbidding moet wees. Die gebed begin by God en nie by ons nie.

In die tweede plek moet ons onself ken in ons nood en ellende. Dit was die groot verskil tussen die Fariseër en die tollenaar in die gelykenis. Gebed beteken om met leë hande voor God te staan. Gebed is belydenis van skuld en ellende.

In die derde plek moet ons in die Naam van die enigste Middelaar, Jesus Christus, bid. Enige ander gebed is nie ’n gebed in die Bybelse sin van die woord nie (bv. die Moslems se daaglikse gebed en in besonder

elke Vrydag). Die soenverdienste van Christus is die enigste grond vir ons gebed. Hy alleen het die pad na God vir ons weer oopgemaak as ons enigste Hoëpriester. Die gebed is ’n loflied tot eer van die Here (vgl. al die Psalms wat niks anders as gebed is nie). Dit is ’n danksegging vir al God se gawes en weldade (Ps. 103). En dit is ’n smeking en belydenis.

Waarvoor moet ons bid?

Ons mag en moet vir alles bid. Daar is net een kwalifikasie: vir alles wat ons nodig het. Dit beteken alle geestelike en liggaamlike behoeftes. In Filippense 4:6 lees ons: “*Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking en danksegging bekend word by God.*” Die geestelike behoeftes moet voorop gaan. En die liggaamlike behoeftes kan ook alleen uit God se Vaderhand kom.

Jesus Christus en die gebed

Jesus het ons Self geleer om te bid in die modelgebed, die Onse Vader. Al ons gebede moet iets daarvan vertoon. Maar Hy bid Self ook vir ons (Rom. 8:34; Luk. 22:32; Joh. 17). Dit is vir ons die ontsaglike troos dat Hy wat ons ken en liefhet en volmaak weet wat ons nodig het en wat vir ons die beste is, met sy volbragte versoeningswerk vir ons intree by die Vader. En Jesus het Self ook gebid (Matt. 14; Luk. 22:39-46). Hy kon nie sonder die gebed lewe, al was Hy ’n mens sonder sonde.

Die Heilige Gees en die gebed

Dit is alleen deur die Heilige Gees dat ons kan bid. Hy laat ons roep “Abba” (Vader), want Hy werk die geloof in ons harte (Rom. 8:15). Ons moet daarom ook altyd bid in of deur die Gees, soos ons lees in Efesiërs 6:18. Soos Christus, bid ook die Heilige Gees vir ons, ook as ons nie reg weet wat ons moet bid nie (Rom. 8:26).

Die gebed en die geloof

Die Bybel lê ’n onlosmaaklike verband tussen die gebed en die geloof. Ons sien dit veral baie duidelik in die gelykenis van die weduwee en die onregverdige regter (Luk. 18:1-8) waar Christus uiteindelik die vraag vra: “As die Seun van die mens op die aarde kom, sal Hy wel die geloof vind?”

Daarom word ons opgeroep tot volhardende gebed (1 Tess. 5:17; Ef. 6:18; Joh. 15:7; Matt. 15). Meer as enigiets anders in ons lewe, kan ons nooit genoeg erns maak met die wonder van die gebedsgemeenskap met ons lewende God en Vader nie. ^{CFCC}



Volharding is nodig!

Matteus 24:1-14

Toe Jesus Christus daardie dag die tempel in Jerusalem verlaat, het die dissipels ongetwyfeld agtergekom dat iets baie belangrik besig was om te gebeur. Die Bybel verhaal die gebeure wat gemaak het dat die dissipels se lewens van daardie oomblik af nooit weer dieselfde was nie.

Die heilsgebeure van Jesus se gevangeneeming, sy verhoor en kruisiging, sy opstanding en hemelvaart, en ook die uitstorting van die Heilige Gees, het die dissipels se lewens in die paar ure wat op hierdie gesprek gevolg het, opgeslurp en meegesleur met 'n lewens- en wêreldveranderlike gevolg. Selfs die tempel, die simboliese anker van hulle godsdienstige standvastigheid waarop hulle (vir oulaas) nog nostalgies Jesus se aandag probeer vestig, sou binne die volgende aantal jare heeltemal vernietig word.

Juis hierdie komende lewensveranderlike vooruitsigte lei daartoe dat Jesus die geleentheid benut om sy dissipels privaat te onderrig. God laat sy kinders nie in die duister wanneer hulle 'n onsekere en lewensveranderlike toekoms tegemoet gaan nie. Sy

boodskap is gevolglik op die man af en duidelik. Hulle kon vir seker weet dat die einde nou begin het.

Die gebeure wat ná Jesus se gesprek met sy dissipels ontvou, sou 'n waterskeidingstyd in die historiese geskiedenis van die mensdom word. Die wêreldgeskiedenis word op grond van hierdie gebeure verdeel in die tyd voor Christus (vC) en die tyd na Christus (nC). Die dissipels was in die opvolgende dae bloot onsekere toeskouers van die gebeure wat plaasgevind het, maar hulle is spoedig deur Jesus Christus as oortuigende getuies na die hele wêreld gestuur.

Die laaste dae het begin. In Jesus se gesprek met sy dissipels gee Hy vir hulle 'n duidelike opdrag tot volharding. Die implikasie is duidelik: *Net deur volharding sal daar redding wees aan die einde.*

Volharding te midde van misleiding

Jesus se dissipels moes daarop fokus om in die tye wat vir hulle voorgelê het, nie mislei te word nie. In onsekere en veranderlike tye is daar altyd 'n oorvloed menings en standpunte en baie mense wat baie dinge te sê het. Fopnuus en dwaalleer groei welig in die bedding van sulke onsekerheid. Wie is reg en wie is verkeerd?

In veranderende tye word baie dinge gesê wat selfs gelowiges gaan laat twyfel oor wat waar en vals is. Persone en persoonlikhede kom dan na vore wat deur hulle eie gewilde aansprake en uitsprake die verwarring net verder laat toeneem. Hierdie misleiding gaan uiteindelik ook progressief tot die vervolging van gelowiges lei.

Volharding te midde van verskrikking

In die onsekere tye van die laaste dae sal daar ook baie dinge in die wêreldpolitiek en die ekonomie gebeur wat alle mense, en ook die gelowiges, direk gaan raak om hulle bang en angstig te laat. Soos die liefdeloosheid in die wêreld toeneem, gaan oorloë en onvrede ook toeneem. Selfs die natuur sal die gevolge van die mens se sonde deur natuurrampe bevestig.

God se kinders moet egter bewustelik daarop fokus om nie verskrik te word nie. Hulle mag vastigheid en sekerheid vind in die feit dat Hy

steeds in beheer is van wat besig is om te gebeur. Jesus Christus maak daarom die agenda van God se bedrywighede van die laaste dae bekend.

Waarvoor sal die Here sorg?

Nadat Jesus Christus die agtergrond van die wêreldgebeure van die laaste dae duidelik geskets het, gee Hy die sekerheid van dit waarmee God sal besig wees. In die onsekere tye van die laaste dae staan die sekerheid van God se werksaamheid vas.

- Die evangelie van die koninkryk SAL in die hele wêreld verkondig word sodat ALLE nasies die getuienis hiervan SAL hoor.
- Eers dan SAL die einde kom.

Te midde van die moeilike en onsekere tye wat voorlê, is die sekerheid van die einde se koms daarin geleë dat God sal sorg dat die verkondiging van die evangelie eers die hele wêreld en alle nasies bereik. Eers nadat die Here gesorg het dat dit afgehandel is, sal Hy die einde laat aanbreek.

Dit is die rede waarom die dissipels opgeroep word om te volhard. God se kinders is baie beslis nie toeskouers in hierdie eindgebeure nie. Hulle gaan alles ten seerste beleef. Juis daarom beteken volharding dat hulle moet seker maak dat hulle nie mislei word nie. Hulle moet seker maak dat hulle nie verskrik word nie.

Hulle moet egter ook deel wees van die getuienis en uitdra van die evangelie van die koninkryk. Dit sou Jesus Christus ná sy opstanding in groter duidelikheid

weer in 'n private gesprek (Matt. 28:16-20; Hand. 1:1-8) met sy dissipels deurpraat. Diegene wat op hierdie manier volhard tot die einde toe, SAL gered word.

God laat sy kinders nie in die duister wanneer hulle 'n onseker en lewensveranderlike toekoms tegemoet gaan nie. Is u ook bewus daarvan dat ons wêreld besig is om heeltemal te verander? Is u bewus van die feit dat selfs die godsdienstige "sekerhede" waaraan ons nostalgies probeer vashou self ook besig is om te verkrummel? Verwarrende dinge word gesê en fopnuus is aan die orde van die dag. Skrikwekkende dinge is besig om in die natuur te gebeur, en die skadu van 'n derde wêreldoorlog (kernoorlog) begin oor die wêreld hang.

Dit wat die dissipels se lewensbestaan in die bekende wêreld van daar-die tyd heeltemal omgekeer het, is nou besig om op 'n globale wêreld-skaal ook vir ons 'n werklikheid te word.

As God se kinders moet ons volhard tot die einde toe.

- Hoe beskerm jy jouself teen die gevaarlike misleiding van die laaste dae?
- Hoe word jy getroos in 'n tyd van verskrikking wat besig is om toe te neem?
- Hoe is jy betrokke by God se agenda wat die hele wêreld en alle nasies met die evangelie van die koninkryk sal bereik?

Ons is nie geroep om bloot maar tot die einde te oorleef nie. Volharding (tot die einde) is nodig noudat die einde vir seker begin het. ^{DK}



Oorlog beoordeel

– *In U Lig*



Die 20ste eeu is gekenmerk deur oorloë en gerugte van oorloë. Dit begin met die Anglo-Boereoorlog 2 (ABO2) (Suid-Afrikaanse oorlog) (1899-1902) – myns insiens “a crime against humanity”. Daarna volg die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945). Dan volg kleiner oorloë, soos onder andere die oorlog tussen Suid- en Noord-Korea (1950-1953), die Viëtnamese oorlog (1955-1975), die Angolese oorlog (1965-1989), die oorlog in Afghanistan (2001-2021), die voortgaande burgeroorlog in Sirië; die oorlog in Irak (2003-2011) en tans in Oekraïne (2021-). Was hierdie oorloë almal sinvol?

Vir hedendaagse mense – ook Christene – is oorlog so ’n vanselfsprekende saak dat niemand die vraag stel of ’n oorlog moreel geoorloof is en of Christene daaraan mag deelneem nie. Hulle aanvaar die uitspraak dat “oorlog ’n voortsetting van politiek is met ander middele”. Maar hoe gemaak met die uitspraak van Christus wat sê: “Gelukkig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word” (Matt. 5:9)? Of Paulus: “As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense” (Rom. 12:14)?

Die Vroeë Kerk het natuurlik maar ’n klein minderheid van die groot Romeinse bevolking uitgemaak, en dit was vir hulle relatief maklik om tydens die eerste twee eeue ’n pasifistiese houding in te neem en vredesmense te wees en om nie aan oorloë deel te neem nie.

Toe keiser Konstantyn in 313 met die Edik van Milaan godsdiensvryheid vasgelê het, en keiser Theodosius in 380 die kerk as staatskerk verklaar het, en Christene tot ’n meerderheid uitgegroeï het, was hulle vredeshouding daarmee heen. Van hulle is verwag om te veg wanneer nodig.

Regverdige oorlog

Van toe af sou die groot kerkvaders help om voorwaardes uit te werk vir deelname van Christene aan ’n “regverdige oorlog”. Aanvanklik is begin met drie voorwaardes: (1) slegs ’n wettige regering mag oorlog maak; (2) daar moet ’n juiste oorsaak wees; en (3) daar moet ’n regte motief wees. Later is nog ander bygevoeg, byvoorbeeld (4) wat is die gevolge van ’n oorlog?

Hierdie voorwaardes geld natuurlik veral konvensionele oorloë, maar nie ’n “totale oorlog” nie, met sy dood van burgerlikes en die verwoesting van infrastruktuur soos tans in Oekraïne te sien is, asook tydens die konsentrasiekampe en die verskroeiende aarde-beleid soos tydens die ABO2 gebeur het.

In die 20ste eeu verander alles toe die atoombom en kernwapens op die toneel verskyn. Hieroor het Albert Einstein opgemerk: “The splitting of the atom has changed everything save our modes of thinking and thus we drift toward unparalleled catastrophe.” En mens wonder hoeveel gewig dra die opmerking van Calvyn dat ook die allersuiwerste oorlog besoedeling van die kerk beteken?

Kan 'n kernoorlog regverdig wees? Wat het verander?

Alles het verander toe die gebruik van kernwapens 'n paar onderskeidings wat vir 'n sogenaamde regverdige oorlog gegeld het, heeltemal van hulle troon gestoot het. Die eerste is (1) dat die onderskeiding tussen soldate en burgerlikes verdwyn. In die regverdige oorloë is die vrouens en kinders en oumense beskerm, in 'n kernoorlog word almal gedood. Die tweede (2) onderskeiding wat wegval, is dié tussen oorwinnaar en verloorder. In 'n kernoorlog is albei kante verloorders. Kernwapens vernietig alles. Nog 'n onderskeiding (3) wat verdwyn, is dié tussen vegtende en neutrale lande. 'n Kernoorlog eerbiedig nie landsgrense nie, maar tref talle nie-betrokke buurlande en selfs die wêreld. 'n Vierde (4) onderskeiding wat in die slag bly, is dié tussen die huidige en die nageslag. 'n Kernoorlog het verreikende nagevolge wat kinders en kindskinders en verder af in die familielyn, nadelig affekteer. Hier kan maar net gekyk word na die langdurige nagevolge van die kernbomontploffings by Hiroshima en Nagasaki (1945) asook die onbeplande ontploffing by Tsjernobil (1986).

Die konklusie is: kernwapens is onbruikbaar.

Maar kan hulle nie dalk as afskrikmiddel 'n doel dien nie? Maar wat daarvan as 'n magslus-mens of -land dit tóg gebruik?

Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode van 1958 het besluit dat "die kerk in die huidige kernwapens 'n verontrustende openbaring sien van die noodlottige gevolge waartoe 'n tegniek moet lei wat nie meer onder die tug van die Woord buig nie", 'n besluit wat ook deur die GKSA 1961 oorgeneem is. Vandaar dat ons baie dankbaar kan wees dat Suid-Afrika in 1991 besluit het om die Kernsperverdrag te onderteken en (voortaan) geen kernwapens te maak nie. Die eerste opdrag van die HERE God aan die mens was om die aarde te vul en dit op te pas (Gen. 2:14) en nie om dit te verwoes nie.

Die taak van die weermag

Die vraag kan nou gestel word of 'n weermag dan totaal nutteloos is? Nee, 'n weermag kan

nog 'n goeie doel dien as dit gebruik word om ware vrede en landsveiligheid te beskerm en te bevorder.

Hier kan onder andere gedink word aan noodtoestande in 'n land waar orkane, plundering, diefstal en straatstroping plaasvind, soos ons verlede jaar in KwaZulu-Natal en in Gauteng gesien het. Die weermag kan ook behulpsaam wees in gevalle van groot oorstromings soos in 2006-2007 in Mosambiek plaasgevind het toe die Zambezirivier sy walle oorstroom het en mense tot in bome gevlug het (en 'n swanger vrou selfs in 'n boom geboorte geskenk het).

Vanjaar het die vloede in Natal ook geweldige skade aangerig en lewensverlies veroorsaak.

Die koms van die koninkryk van God

Christene is mense wat strewe na en werk vir vrede in 'n samelewing. Hulle beywer hulle vir 'n regverdige samelewing wat geweld onnodig maak. Hulle sien elke mens as 'n beeldraai en verteenwoordiger van God op aarde. Hulle reik in liefde uit na God en die naaste, selfs vyande (Rom. 12:18; Heb. 12:14; Matt. 5:43-48).

Hulle is voor alles en in alles diensbaar aan die koms van die koninkryk van God.

In die Christelike lewe staan die koninkryk van God sentraal. Dit word in sy voleinding geteken as 'n ryk van vrede en harmonie, van vryheid en geregtigheid (Jes. 2 en 11; Rom. 14:17).

Dit word aan die mens voorgehou as Goddelike gawe en dit is voorlopig verwerklik in die lewe en werk van Jesus Christus en die Heilige Gees (Matt. 12:28). Maar dit word ook uitgebeeld as 'n koninkryk waaraan die mens met al sy gawes diensbaar moet wees.

Christene moet lewe in die rigting van die verwerkliking daarvan (2 Pet. 3:12), dit wil sê, ons moet lewe in die rigting van die vernuwing van die skepping (Op. 21:5) en nie in die rigting van die vernietiging daarvan nie.

Christene is mense wat werk vir vrede, bid vir vrede en hoop vir vrede. ^{DK}

Sinodeskatte – 3

SINODE 1866



By Sinode 1866 het vier manne aangemeld vir eksaminering as leraars:

- Sarel Daniël Venter – 40 jaar oud;
- Nicolaas Jacob Renier Swart – 34 jaar;
- Abraham Adriaan Jacobus de Clerq Coetsee – 34 jaar; en
- Jan Sarel Louis Venter – 33 jaar.

Voor genoemde broeders geëksamineer is, het die voorsitter, ds. Dirk Postma, in die algemeen gepraat oor die gewigtige werk van “de Opleiding” en gewys op die voorbeelde van “der Profeten-scholen, alsmede die van Christus en de Apostelen”.

Aandievergadering word ’n “Lijst van werksaamheden” voorgehou volgens die sinodebesluit van 1851 van die Christelike Afscheide Gereformeerde Kerk in Nederland. Hierdie “Lijst” is eenparig aanvaar. Verder is daar ook besluit dat persone ouer as 30 jaar (wat aanmeld vir eksaminering) vrygespreek word van “uitheemsche talen” op grond van KO, Artikel 8 en die sinodebesluit van 1851.

So het Dinsdagoggend 22 Mei 1866 aangebreek. Die vergadering is geopen met gebed en daarna is Psalm 143:10 gesing:

*Laat dit die vyand nooit geluk nie.
Vernietig hul, laat my nie buk nie;
bring almal om wat my beveg.
Laat hulle nie meer my verdruk nie,
want, Heer, ek is, ek is u kneg!*
(Totius-beryming 1936)

Soos reeds die vorige dag besluit, het die vier broeders volgens hulle ouderdomme “hunne proef in het prediken” voor die vergadering gehou: br. SD Venter (Joh. 3:16); NJR Swart (1 Joh. 5:19); AAJ de C Coetzee (Matt. 19:3) en JSL Venter (Hand. 2:37,

38) wat afgewissel is met psalmgesang en gebed en uiteindelik deur die voorsitter afgesluit is met die Apostoliese seën.

Die middagsessie is afgestaan aan die eksaminering in verskeie onderwerpe, onder andere “Hollandsche taal en stijl en Taal- en redekundige ontleden (proza en poëzij)”. Die eksaminering van die broeders het voortgegaan tot Donderdagoggend 24 Mei 1866. Ná die opening is die broeders ondervra in

- *Overzicht der Formulieren van Eenigheid*
- *Liturgische schriften en Kerkregering*
- *Pastoraal – Predikkunde en Catechetiek*

Na ’n kort verdaging is die vergadering agter geslote deure voortgesit waar daarna besluit is om br. SD Venter en br. NJR Swart toe te laat as proponente. Die twee broeders word ná die sing van Psalm 131:1 ingelig dat hulle as proponente toegelaat word. Die “Formulier van Ondertekening van Leeraren, Dordrecht 1619” is aan die twee broeders voorgelees, waarna elkeen dit onderteken het. Die broeders proponente is nou toegelaat om die Sinode by te woon en dat hulle “eene adviserende” stem sou hê.

Die Sinode het daarna die verslag van ds. Dirk Postma hanteer, waarin hy gemeld het dat die opleiding van studente moet voortgaan “waarlijk, ik heb nog gearzeld, om met de Opleiding te beginnen, maar ziende op de behoefte en beseffende, dat het voor de Kerk in Zuid-Afrika, tot eene grooten zegen kan strekken, eene eigen Opleiding te bezitten...”

Ds. Postma het by hierdie vergadering ook bekendgemaak dat hy genoop voel om aan die roeping na die gemeente te Burgersdorp gevolg te gee en om dan die opleiding van broeders vandaar voort te


sit. Die vergadering het eenparig besluit dat ds. Postma met die opleiding kan voortgaan. Hierdie besluit het sy begeerte net meer versterk dat die kerk “eene algemene Theologische School” oprig.

Die gemeente van Philipstown het voorgestel dat met die oprigting begin moet word, maar dié van Burgersdorp het dit teengestaan met die voorstel dat daar eers voortgegaan moes word met die wyse van opleiding soos wat dit destyds gedoen is deur ds. Postma. 'n “Synodale Commissie” is benoem, bestaande uit die diensdoende leraars en twee ouderlinge om aan die volgende sinode terug te rapporteer.

Met blydschap is bekendgemaak dat proponent NJR Swart reeds na Pretoria beroep is.

Die Sinode het afgesluit met die sing van Psalm 72:11. ^{DK}

Ds. Sarel Daniël Venter (onder) – gebore 1826 (slegs jaartal bekend) in Colesberg, Kaapkolonie; en sterf op 12 Oktober 1895 te Bethulie, Oranje Vrystaat. Venter is op 3 September 1866 as die eerste predikant van die Gereformeerde Kerk Bethulie beroep nadat ds. J Beijer dié gemeente in 1864 gestig het onder die naam Heidelberg. Op 21 Oktober 1866 is proponent Venter as predikant van Bethulie bevestig in die kerkgeboutjie in Pellissierstraat wat ook as pastorie gedien het.



Ds. Nicolaas Jacob Renier Swart (bo) – gebore 3 Junie 1831 in Amsterdam, Nederland; en sterf op sestigjarige ouderdom op 20 Februarie 1892 te Mosselbaai, Kaapkolonie. Hy is kort na sy toelating as proponent na die Gereformeerde Kerk Pretoria as hulle eerste predikant beroep, waar hy op 15 Julie 1866 (of moontlik eers in Oktober) deur ds. Dirk Postma bevestig is. Hy was predikant tot 1872 waarna hy uit die bediening is.



Ds. Swart het die eerste Gereformeerde Kerk Potchefstroom (links), ontwerp deur ds. Dirk Postma, se ingebruikneming op 12 Januarie 1867 waargeneem. Dié foto is in die 1950's geneem nadat die kerkie in onbruik verval het.

Om meer oor sinodebesluite op te lees:

Ek wil graag 'n pasvoltooide projek aan jou bekendstel: **GKSA ACTS OF THE SYNODS / GKSA HANDELINGE VAN DIE SINODES**. Al die Handeling van die Sinodes is geskandeer, en jy kan die volledige teks van al die Handeling kry by <https://collections.nwu.ac.za/dbtw-wpd/textbases/theology/synod.html>

Die Handeling van 1862-1997 is ook geïndekseer, wat beteken dat jy met 'n woord of onderwerp inligting kan opsoek. Die Handeling ná 1997 is slegs in PDF-formaat beskikbaar – soek, dan +f en tik dan die spesifieke woord in waarna jy soek.

Siekte, dokters en vertroue op die Here (2)

Lees: 2 Kronieke 16:7-13

Teks: 2 Kronieke 16:12

In die vorige artikel is gekyk na die verskynsel van siekte en die oorsaak daarvan. In hierdie artikel fokus ons op die genesing van siekte en vertroue op die Here. – Red.

Raadpleeg die dokters – genesing

Asa het gaan soek na genesing vir sy siekte. Hy gaan dokter toe. Dit is onseker of hier na gewone geneeshere of heidense geneeshere verwys word, wat deur rituele en okkultiese bedrywighede daarop aanspraak gemaak het dat hulle met bonatuurlike krag genesing kan bring.

Die feit dat Asa nie vermaan word omdat hy dokters besoek het nie, dui waarskynlik daarop dat hy gewone geneeshere besoek het en nie geneeshere van heidense oorsprong nie. Daar word immers ondanks die feit dat Asa in die laaste jaar nie sy hulp by die Here gesoek het nie, tog in die algemeen positief oor hom geoordeel. Waarskynlik het hy nie weg van die Here gesterf nie. Ons kan ten minste nie uit die gedeelte aflei dat dit verkeerd is om dokters te raadpleeg as jy siek is nie. Die Bybel oordeel nêrens negatief oor dokters en medisyne nie. Dit word in die Bybel as 'n gegewe veronderstel. Buite-Bybelse bronne vermeld mediese skole waar dokters opgelei is.

- Jesus gebruik dokters in sy beeldspraak in Matteus 9:12 positief wanneer Hy sê: *“Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.”*
- Lukas, die skrywer van die Lukas-Evangelie en Handeling, is na alle waarskynlikheid die dokter waarna Paulus in Kolossense 4 as 'n mediese dokter verwys.
- Medisyne was deel van die destydse lewe. Olyfolie, vyekoeke, blomblare, oogsalf, wyn vir die maag en asyn gemeng met mirre is enkele voorbeelde hiervan. Selfs in die wondergenesing van koning Hiskia lees ons: *“Jesaja het toe opdrag gegee dat hulle 'n vyekoek moet bring en op die sweer moet sit, en die koning het beter geword”* (Jes. 38:21).

Om siekte te beveg, is 'n goeie ding. Siekte beïnvloed lewenskwaliteit,

veroorsaak ongemak en gee aanleiding tot die dood. Die gelowige weet dat ook die liggaam as tempel van die Heilige Gees vir God belangrik is. Dieselfde liggaam sal uit die dood opgewek word, en daarom is die liggaam nie minderwaardig nie. Om gesondheid en lewenskwaliteit te soek, kan nie verkeerd wees nie. Daar is voorbeelde in die Woord waar die Here seën met gesondheid en oordeel met siektes (Deut. 7:15).

- Die menswording van Jesus is 'n bewys dat die Here ook vir die liggaam omgee. Jesus kom as mens na hierdie aarde. Hy word na liggaam gebore, Hy word moeg. Hy moet eet. Sy liggaam kry seer, verloor vog en bloed, en Hy sterf uiteindelik liggaamlik.
- Sy bediening is ook gerig op siek mense wat gesond gemaak word. Hy kry siek mense jammer en genees hulle van hulle kwale. Soms gebruik Hy net 'n woord en ander kere gebruik Hy middele waardeur die genesing kom. Hierdeur



breek 'n voorspel aan van sy oorwinning en hoe dit eendag sal wees as mense nie siek sal word en nie sal sterf nie. Jesus leef liggaamlik en sterf liggaamlik juis sodat Hy ook hierin volle medelye met ons siektes kan hê.

- Tog staan Hy ook weer liggaamlik op uit die dood, vaar Hy liggaamlik op na die hemel en sit Hy liggaamlik aan die regterhand van die Vader. Hierin is Hy ons Voorganger. Die een wat die liggaamlike dood en siekte wat dit voorafgaan, in ons plek kom oorwin en aan ons deel gegee het aan sy oorwinning oor die dood. Nou het ons die hoop op 'n liggaamlike, volmaakte opstanding en lewe saam met Hom op 'n nuwe aarde onder 'n nuwe hemel.
- Jesus beveel ook sy dissipels om mense gesond te maak.

Ons mag dus, moet dus, alles in ons vermoë doen om siek mense gesond te maak. Ons maak daardeur die liefde van Christus sig-

baar op aarde. Ons mag en moet navorsing doen om siektes te genees en verligting aan menslike lyding te bring. Ons moet so die heerlijkheid van eendag in hierdie gebroke werklikheid laat deurbreek. Ons mag nie, soos die priesters in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan, by die beseerde verbyloop nie. Ons mag nie toekyk hoe mense ly en sterf nie – selfs al is dit hulle eie skuld.

Raadpleeg die Here

Die probleem met Asa was dus nie dat hy die dokters geraadpleeg het nie. Die probleem was dat hy NIE die Here geraadpleeg het nie – NET die dokters. Wat hier gebeur, is eintlik 'n voortsetting van die pad waarop Asa gegaan het. In die beleg van die Israelitiese koning het hy NET die koning van Aram geraadpleeg en NIE die Here nie. Nou raadpleeg hy NET die dokters en NIE die Here nie.

Die probleem met Asa was dat hy nie in vertroue en afhanklikheid van die Here geleef het nie, ook nie toe hy die dokters geraadpleeg het nie. Hy het die middele wat die Here vir genesing gegee het, losgemaak van die Een wat die genademiddels gegee het. Sy siekte het vir hom niks te make gehad met sy verhouding met die Here nie.

In die hoogs medies-tegnologiese tyd waarin ons leef, is hierdie 'n groot versoeking vir gelowiges. Baie van ons beskik oor toegang tot uitstekende dokters en goeie medikasie. Dit is op 'n manier eers in die Covid-tyd dat ons weer besef het hoe beperk die mediese wetenskap steeds is.

Die gevolg van goeie mediese sorg is dat ons eerstens, en soms alleen maar tydens siektes na die mediese sorg gryp. Eers wanneer die dokter en medisyne nie help nie, begin ons vra na die Here. Eers wanneer daar spesiale siektes en pandemies uitbreek, begin ons vra na die Here

in ons lewe. Ons is geneig om eers te begin bid wanneer daar niks anders meer oorbly nie, terwyl gebed eintlik die eerste en die belangrikste iets is wat ons kan en moet doen.

Uiteindelik is dit die Here wat gesondheid gee. Hy genees soms sonder middele en ander kere weer deur middele. Tog bly dit by Hom. Dokters kan net met die wetmatighede van medisyne werk. Hulle kan opereer en medikasie gee, maar net die Here kan die liggaam laat herstel.

Vertroue op die Here

Wat Asa nie gedoen het nie, en wat ons moet doen, is om te besef dat ook siekte, net soos gesondheid, alles te make het met ons verhouding met die Here. Asa het hom nie gesteur aan die direkte stem van die Here deur die profeet nie, en hy het hom ook nie gesteur aan die indirekte stem van die Here deur sy siekte nie.

Op 'n manier het siekte altyd die doel om ons te laat besef hoe afhanklik ons van die Here is. Dit moet ons altyd laat nadink oor ons verhouding met die Here. Dit was om dié rede dat die priesters in die Ou Testament gemoeid was met siektes. Hulle taak was om versoening tussen die Here en die volk te bedien, en siektes het alles daarmee te make gehad.

Ons vind dieselfde verband tussen siekte en ons verhouding met die Here wanneer die Here deur Jakobus beveel dat die siekes die ouderlinge moet laat kom om vir hulle te bid, met olie (medisyne) te salf en die Naam van die Here aan te roep (Jak. 5:14). Dink ook aan Paulus se worsteling met die doring in sy vlees. Dit was 'n siekte wat hom in diepe worsteling met die Here gebring het, en waardeur hy tot die gevolgtrekking gekom het dat die Here hom deur die siekte in besef van sy afhanklikheid van die Here laat leef (2 Kor. 12:7-10). Dit is ook in talle van die genesingswonders van die Here Jesus duidelik dat dit nie net oor genesing gegaan het nie. 'n Goeie voorbeeld is die genesing van die gebrekkige man by die bad van Betesda. Die man word met 'n woord van die Here genees. Later kry die Here hom in die tempel en spreek Hy hom aan om nie meer sonde te doen nie, sodat daar nie iets ergers met hom gebeur nie (Joh. 5:9, 14). Jesus gebruik selfs die radikale voorbeeld dat dit beter is om jou hand of voet af te kap as dit jou van die Here afvallig maak (Mark. 9:43-47). Hiermee beklemtoon Hy dat die verhouding met die Here veel belangriker is as blote gesondheid.

Die verhaal van Asa konfronteer ons dus met die vraag oor ons vertroue op die Here. Vertrou ons werklik in gesondheid en siekte, met medikasie en sonder medikasie, op die Here? Hy is ons hemelse Vader wat ons lewe in sy hand hou en vir ons veel meer sal gee as aardse ouers. Toegepas op die vraag rondom Covid, die genesing daarvan, die gebruik van inentings al dan nie, kan ons die volgende sê:

- Siekte gebeur. Gelowiges en ongelowiges word siek – en gaan uiteindelik dood. Alle mense gaan dood.
- Lewe en gesondheid is uit die hand van die Here – en in die hand van die Here.
- Vir dié wat twyfel of die gebruik van 'n entstof in konflik is met vertroue op die Here, kan ons geruststel. Jy kan dit gebruik soos wat jy ander inentings gebruik het, en soos jy antibiotika en hoofpynpille gebruik, en soos wat jy dokter toe gaan as jy Covid opdoen. Ons het aan die begin van die pandemie gebid vir oplossings en vir entstowwe. Nou dank ons Here daarvoor.
- Vir dié wat propageer dat die entstof die absolute geneesmiddel is, kan ons sê dat dit nie waar is nie. Die entstof is nie voldoende nie. Buitendien is dit die Here wat lewe gee. Die middel is geseënd in soverre dit in sy hand is. Gebruik dit gerus, maar dan in erkenning van totale afhanklikheid van die Here.

Ons vind ons troos in die wete dat die Here lewe gee, lewe beskerm en lewe neem.

Jesus Christus is die lewe

Bo alles lê die oplossing nie in een of ander middel nie, maar in 'n Persoon. Fokus net op aardse gesondheid en jy gaan eendag teleurgesteld voor die dood te staan kom. Daarom moet ons in Jesus Christus glo en Hom verkondig. Die oplossing is nie inenting nie, want al word jy ingeënt, gaan jy tog nog eendag sterf. Die oplossing is om by die lewe te kom. By Jesus Christus. Daar moet in Hom geglo word. Ons kan ons hoop op Hom vir hierdie lewe plaas, maar genadiglik ook op meer as hierdie lewe. By Hom is daar gesondheid, by Hom is daar lewe, by Hom is lewenskwaliteit – selfs al is jy siek, al is jy terminaal siek, selfs al sterf jy.

Jesus Christus is die Lewegewer. Hy Self het vir Maria gesê: *“Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook; en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit?”* (Joh. 11:25). ^{DK}

GEREFORMEERDE ONDERWYS

HOEKOM? (1)

Ons leef toenemend in 'n samelewing waar na alternatiewe oplossings gesoek word vir die opsies wat die staat bied. Skole is maar een voorbeeld daarvan.

Dit laat die vraag na die belang van gereformeerde onderwys weer opvlam. Is daar 'n verskil tussen "Christelike skole" en gereformeerde skole? Indien wel, is die verskil belangrik?

Doopbelofte

Wanneer 'n ouerpaar hulle verbondskindjie laat doop, belowe hulle om daardie kind in "die genoemde leer na (hulle) vermoë te onderrig en te laat onderrig". Hierdie belofte teenoor die Here word voor die gemeente afgelê.

Die belofte is ook op die Skrif gegrond – in Deuteronomium 6:6-7 beveel die Here: *"Hierdie gebooi wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan."*

Die opdrag is duidelik – ons moet die leer nie net aan ons kinders oordra op Sondag, of by katekisasie of huisgodsdiens nie,

dit moet gebeur in alles wat ons doen, want die Here is betrokke by alle aspekte van ons lewe.

Wat is hierdie leer wat ouers belowe om hulle kinders in op te voed? By die tweede vraag tydens die doop belowe ons om ons kinders in die Christelike leer te onderrig en te laat onderrig, ooreenkomstig die Bybel, soos saamgevat en verduidelik in die Belydenisskrifte.

Leer en lewe

Uit die Skrif is dit duidelik dat leer en lewe onlosmaaklik deel is van mekaar. Die gebooi van die Here help niks as dit net in ons gedagtes bly nie, ons moet dit leef en nakom – Titus 2 en 3 wys baie mooi hoe die gesonde leer in daad omgesit moet word.

Die leer in die Skrif berei ons voor vir ons goeie werke (1 Tim. 3:16-17) – werke uit 'n ware geloof, volgens die wet van God, wat tot sy eer gedoen word (HK v/a 91). Soos ons in Jakobus 2:14-26 leer, ons geloof kom na vore in ons daad.

Ons lewe, bestaande uit die daad vanuit ons geloof, begin egter nie eers die dag as ons belydenis van geloof afgelê het nie. Ook kinders moet ooreenkomstig die Here se wet lewe, sien byvoorbeeld die vyfde gebod en Efesiërs 6:1-3. As ons dus ons kinders in die geloof moet opvoed, sluit dit in dat ons hulle moet leer hoe die Here betrokke is in elke deeltjie van ons lewe, soos mooi geïllustreer word in byvoorbeeld Psalm 139 en in die boek Jona. Hulle moet onder andere leer dat die Here die geskiedenis in sy hand hou, ook die geskiedenis van volke (sien bv. Dan 2).

Gereformeerde leer raak alle vlakke van ons lewe

Daarom is gereformeerde onderwys belangrik. Gereformeerde onderwys het ten doel om die Here se rol in alle vakrigtings aan te dui, want die Here is Here van ons hele lewe. Of die kind dus besig is met tale, wiskunde, geskiedenis of tegnologie, die betrokkenheid van die Here op elkeen van hierdie terreine moet aangedui word. Daarsonder word die volle leer van die Skrif, soos saamgevat in die Belydenisskrifte, nie aan

die kind geleer nie. Dan word die idee verskerp van 'n skeiding tussen die “geestelike lewe” en die “algemene lewe” – 'n onderskeid wat ons nie in die Skrif kry nie.

Dit behoort daarom duidelik te wees dat dit nie bloot genoeg is om een maal 'n dag 'n stukkie te lees en dan te bid, soos wat by baie sogenaamde Christelike skole die geval is nie. Nog minder is sogenaamde Christelike waardes op hulle eie voldoende, want baie van hierdie waardes, byvoorbeeld eerlikheid en omgee vir ander, sien ons in die meeste gelowe. Nee, die Here se betrokkenheid in alle vakke, van die tale (want dit is Hy wat tale gegee het, sien Gen. 11), deur sosiale wetenskappe (want die Here gee verskillende volke en nasies, Ps. 2, en Hy het die heelal geskep, sien Ps. 8) tot die bestuurswetenskappe (want die Here het 'n sê oor hoe ons besigheid doen, sien bv. Spr. 20:23 en Ef. 6:5-9) moet geleer word.

Ons taak is om dit vir ons kinders te leer, sodat hulle as hulle eendag volwasse is, die Here se heerskappy in al die fasette van hulle lewe kan raaksien en dienooreenkomstig kan lewe.

Gereformeerde onderwys, waar die heerskappy en betrokkenheid van die Here op alle lewensterreine duidelik gemaak en uitgeleef word, is dus by uitstek die manier waarop ons kinders onderrig kan word in die leer van die Skrif.

Gereformeerde skole

Ons is bevoorreg dat daar gereformeerde skole op verskeie plekke in ons land is. Voorbeelde sluit in Gereformeerde Laerskool Bellville in Kaapstad, Gereformeerde Skool Wolmaransstad, Gereformeerde Laerskool Johannes Calvyn en Gereformeerde Skool Dirk Postma (wat 'n kleuter-, laer- en hoërskool bevat), beide in Pretoria, en Akademia Reformia in Pietersburg. Hierdie, en ander soortgelyke skole, kan gerus ondersteun word. Is daar 'n beter manier vir 'n ouerpaar om hulle doopbelofte uit te leef as daar 'n gereformeerde skool binne bereik is waar hulle kinders opgevoed kan word?

DV in 'n volgende artikel beoog ons om aandag te gee aan 'n verdere belangrike aspek van gereformeerde onderwys, naamlik die kweek van 'n Christelike wêreldbeskouing, waar God die middelpunt vorm, en sy Hand in alles raakgesien kan word. ^{DK}

TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Omgee in Aksie!

NPO 001- 597

PBO 130001311

Posbus 13383 HATFIELD 0028
Duxburyweg 174 (ingang 186), Hillcrest
Pretoria
T: 012-3620660 E: toibo@imagnet.co.za

Geagte Dominee

Vir die volgende drie maande wil ons konsentreer op **Projek Warmlyfie** en **Projek Skoolskoen**.

Help ons asseblief om gedurende die komende winter die lewe vir ons minderbevoorregte kinders draagliker te maak.

HOE?



Projek Warmlyfie

U kan 'n finansiële bydrae maak, of u kan enige van die volgende skenk:

- Frokkies
- Truie – enige kleur
- Grys sokkies
- Warm baadjies
- Handskoene
- Lang, warm kouse vir dogters (tights)
- Grys langbroeke

Kan ons dit toelaat?



Projek Skoolskoen

Volgens 'n onlangse opname bly skoolskoene 'n groot behoefte. Die prys van skoolskoene beloop ongeveer R350 per paar. Minderbevoorregte kinders se ouers kan dit nie bekostig nie. Die alternatief? Hulle kom met gewone skoene skool toe, wat hulle laat uitstaan.

Kom ons help hierdie kinders om hul menswaardigheid te behou.



Bring asb hierdie versoeke onder die aandag van gemeentelede.

Daar is huidiglik 703 kinders in die 5 skole wat op die een of ander manier hulp ontvang.

Alle finansiële donasies vanaf privaat donateurs aan TOIBO is aftrekbaar van belasting.

Bankbesonderhede:
Transoranje Instituut
ABSA
Rekening: 020 840 145

Stuur 'n epos aan die kantoor sodat 'n Artikel 18A kwitansie aan u uitgereik kan word.

Ons ondersteun: Transoranje-skool vir Doves * Prinshofskool vir Gesiggestremdes * Sonitusskool vir Gehoorgestremdes * Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdhede * Hoërskool Martie du Plessis vir Fisiese, Serebraal-, en Leergestremdhede

Lief en Leed

Doodsberigte



Mev. Wadi Venter, eggenote van ds. Jan H Venter, emerituspredikant van GK Bethal, is op 18 April 2022 oorlede.

Gelukwense aan ...

- **Mev. Ita Schulze**, weduwee van prof. Ludi Schulze (TSP), met die geboorte van haar eerste agterkleinkind.
- **Dr. Fanie en Elmarie van der Schyff** van GK Pretoria-Brooklyn, met die geboorte van hulle eerste kleinkind.
- **Ds. Kosie en Carlizé Henning** van GK Daspoort met die geboorte van 'n seuntjie.
- **Mev. Petro Kroeze** van die Admin Buro met die geboorte van 'n kleinseun.
- **Dr. Danie en Venita de Kock**, emeritusegpaar van GK Krokodilrivier, met die geboorte van 'n kleinkind.
- **Prop. Erasmus en Charlene Venter** van GK Okahandja wat op 16 April 2022 in die huwelik getree het.



Simpatiebetuiging aan ...

- **Mev. Anna en prof. Rikus Fick**, emeritusprofessor van die TSP, met die afsterwe van haar moeder (mev. Ria van der Walt).
- **Ds. Jan en Janette van der Walt** van GK Otjiwarongo met die afsterwe van sy moeder (mev. Ria van der Walt).
- **Prof. Lekgetho en Virginia Moretsi** van die TSP, met die afsterwe van sy broer.
- **Ds. Koos en Corlia Saayman**, emeritusegpaar van GK Randburg, met die afsterwe van hulle dogter.
- **Mev. Ernia Verryn**, eggenote van ds. Hendrik Verryn van GK Potchefstroom-Suid, met die afsterwe van haar moeder.

Hartlike gelukwense aan die volgende predikante/professore met hulle verjaardae in Mei

2 Mei: Ds. MJ Lourens (Thys) – GK Nelspruit/Barberton
5 Mei: Ds. L du P van der Vyver (Wicus) – GK Silverton
5 Mei: Dr. JV Fatuse (James) – GK Ibhayi
5 Mei: Ds. N Boy (Neville) – GK Thabazimbi

12 Mei: Ds. LJ Erasmus (Lou) – GK Naboomspruit
12 Mei: Ds. OA Oosthuizen (Ockert) – GK Rustenburg-Wes
15 Mei: Ds. GJ Dhlamini (Jan) – GK Khunwana
16 Mei: Ds. EJ van Jaarsveld (Janré) – GK Boksburg
17 Mei: Ds. HJP de Beer (Hendrik) – GK Magol
18 Mei: Ds. SP Mentjies (Petrus) – GK Monyakeng
18 Mei: Dr. DJ Maritz (Daniël) – GK Pretoria-Brooklyn
18 Mei: Ds. MW Kruger (Thinus) – GK Newcastle
21 Mei: Ds. JL van der Schyff (Jannie) – GK Welkom
21 Mei: Ds. AH Steyn (Abel) – GK Lydenburg
21 Mei: Ds. G Janse van Rensburg (Gerhard) – GK Durban-Noord
25 Mei: Dr. HPM van Rhyn (Malan) – GK Pretoria-Noord
25 Mei: Ds. TF Dreyer (Thomas) – GK Randburg
26 Mei: Ds. GP van Rhyn (Gerhard) – GK Komatipoort
28 Mei: Ds. W Jobse (Wilhan) – GK Jeffreysbaai

Hartlike gelukwense aan die volgende emeriti/emerituseggenotes/-weduwees met hulle verjaardae in Mei

1 Mei: Dr. GJ van Wyk (Gerrie) – GK Rustenburg
2 Mei: Prof. HJG du Plooy (Heilna), eggenote van prof. A le R du Plooy (Dries) – TSP
2 Mei: Ds. JF Mouton (Koos) – GK Potchefstroom-Oos
3 Mei: Ds. H Dijkstra (Hessel) (85) – GK Groblersdal
4 Mei: Dr. F van der Walt (Frans) – GK Bellville-Oos
4 Mei: Mev. L Tiemensma (Leoné), eggenote van ds. EJ Tiemensma (Eddie) – GK Kemptonpark
6 Mei: Mev. M Companie (Marlene), eggenote van ds. B Companie (Ben) – GK Westdene
7 Mei: Mev. JS Viljoen (Hannetjie), weduwee van ds. JH Viljoen (Hannes) – GK Pretoria-Noord
7 Mei: Mev. MZ Dlamini (Maureen), weduwee van ds. MJ Dlamini – GK eKwandeni
9 Mei: Mev. S Naudé (Sanet), eggenote van ds. E Naudé (Emile) – GK Boksburg
11 Mei: Ds. PA Smit (Peet) (89) – GK Daspoort
11 Mei: Ds. CJ Malan (Neels) – GK Bethulie
11 Mei: Mev. M Pansegrouw (Marja), eggenote van ds. D Pansegrouw (Dirk) – GK Hoëveld

13 Mei: Mev. MC van Wyk (Ria) (84), eggenote van prof. JH van Wyk (Amie) – TSP
 13 Mei: Ds. NG Laubscher (Nic) (81) – GK Buffeldoorns
 13 Mei: Mev. JL de Kock (Venita), eggenote van dr. DJ de Kock (Danie) – GK Krokodilrivier
 14 Mei: Mev. HM Bingle (Marianne) (83), weduwee van dr. PW Bingle (Pieter) – GK Kaapstad
 17 Mei: Ds. MP Lekgetho (Philip) – GK Boikhutso
 20 Mei: Mev. C Spoelstra (Chris) (94), eggenote van prof. B Spoelstra (Bouke) – TSP
 20 Mei: Ds. PA Coetzee (Peet) – GK Potchefstroom
 20 Mei: Mev. W Mouton (Wendy), eggenote van ds. JF Mouton (Koos) – GK Potchefstroom-Oos
 21 Mei: Dr. J le Roux (Johann) – GK Pretoria-Brooklyn
 22 Mei: Mev. S Miskin (Sonja), eggenote van dr. AG Miskin (Arthur) – GK Rietvallei
 23 Mei: Ds. PJ van der Walt (Pieter) – GK Bethlehem
 23 Mei: Dr. IL Bekker (Izak) – GK Hartbeespoort
 26 Mei: Mev. MS Venter (Riana), eggenote van ds. JJ Venter (Koos) – GK Rustenburg

26 Mei: Mev. H Erasmus (Hettie), eggenote van ds. DJP Erasmus (Danie) – GK Jeffreysbaai
 27 Mei: Mev. A Vorster (Alet), eggenote van ds. RL Vorster (Roelf) – GK Odendaalsrus
 28 Mei: Mev. EM du Plessis (Bessie) (89), weduwee van ds. AJ du Plessis (Alwyn) – GK Stellenbosch
 29 Mei: Mev. LJ Kruger (Louise), weduwee van ds. GHJ Kruger (Gerrit) – GK Amanzimtoti
 29 Mei: Mev. SL van der Walt (Susanne) (84), weduwee van ds. PJJ van der Walt (Phillip) – GK Brits-Wes
 29 Mei: Dr. FRP de Bruyn (Frans) (83) – GK Klerksdorp
 29 Mei: Mev. SA Labuscagne (Alice), eggenote van dr. GCP Labuscagne (Gerrie) – GK Vleuels
 30 Mei: Mev. AM de Klerk (Annatjie) (86), weduwee van ds. JJ de Klerk (Koos) – GK Boksburg
 30 Mei: Mev. AJHM Myburg (Annatjie) (84), weduwee van ds. A Myburg (Andries) – GK Pretoria-Annlin

GK Daspoort nou u hartlik uit na ons eerste

DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Tema:

Die HEILIGHEID van God

10-12 Junie 2022

Gereformeerde Kerk Daspoort
728 Jenningsstraat
Daspoort

Wat beteken die Heiligheid van God vir jou as gelowige??

Sprekers:

- Ds. Kosie Henning
- Prof. Henk Stoker
- Ds. Cobus Rossouw
- Ds. Piet le Roux
- Ds. Wiku van Rooyen

Registrasie is GRATIS!

Registreer asb voor 3 Junie by
www.gkdaspoort.co.za/konferensie
om jou plek te bespreek!

Fanie Viljoen - 082 473 1552
Japie Venter - 082 823 8019

Veilige parkering / Kinderoppassers beskikbaar.




DIE WOORD AAN DIE WOORD KONFERENSIE

Die HEILIGHEID van God

Gereformeerde Kerk Daspoort

PROGRAM

10 Junie 2022

17:00 - 18:00 Ontvangs en inskrywings
 18:00 - 18:30 Opening en verwelkoming
 18:30 - 19:30 Sessie 1: Die Heiligheid van God gedefinieer - Ds. Kosie Henning
 19:30 - 19:45 Pouse
 19:45 - 20:45 Sessie 2: Sondaars voor 'n Heilige God - Ds. Cobus Rossouw

11 Junie 2022

08:00 - 08:30 Koffie en beskuit
 08:30 - 09:30 Sessie 3: Wees Heilig, want Ek is Heilig - Prof. Henk Stoker
 09:30 - 09:45 Pouse
 09:45 - 10:45 Sessie 4: Die Heiligheid van God in gebed - Ds. Wiku van Rooyen
 10:45 - 11:15 Pouse
 11:15 - 12:15 Sessie 5: Die Heiligheid van God in die huwelik - Ds. Pieter le Roux
 12:15 - 12:30 Pouse
 12:30 - 13:30 Paneelbespreking oor praktiese vraagstukke aangaande die Heiligheid van God.

12 Junie 2022

09:00 Erediens met tema: Hoe ken ons die Heilige God - Ds. Kosie Henning

kleinADVERTENSIES

Die Bemerkingsafdeling, DIE KERKBLAD, Posbus 20004,
Noordbrug 2522. Tel: 018 297-3989. Faks: 018 293-1042.

E-pos: wymiedup@gksa.co.za

TARIEWE:

Advertensies en kleinadvertensies: Op aanvraag beskikbaar.

Berigte: R0,20 per woord (min. R5,00) plus R2,20 per sentimeterkolom vir 'n foto.
BTW is ingesluit.

Volledige besonderhede is by bostaande adres beskikbaar.

VAKANSIE EN VERBLYF

NATALSE SUIDKUS

UVONGO: 12-bed vakansiehuis. Mooi see-uitsig, loopafstand van strand. Alle geriewe. 3 Badkamers, ruim balkon, 9 X 5 meter. TV, mikrogolfoond, ruim ys- en vriesgeriewe. Elrien Sel. 072 820 6948.

UVONGO: LA CRETE SANDS NO. 1. 6-Bed luukse en moderne vakansiewoonstel met 'n 180° see-uitsig en brandersig. Slaap 6 persone; 'n braai-area op jou eie balkon; Toesluitmotorhuise; swembad; TV, DSTV en beddegoed ingesluit by prys. Skakel Luzelle by 011 678 5440 of sel 083 326 6329; www.uvongoholidays.co.za

MARGATE: MARLICHT VAKANSIEWOONSTELLE. Aangename, see-uitsig verblyf in goed toegeruste 2-, 3- en 4-slaapkamer selfsorgwoonstelle. TV en linne ingesluit. Gesellige, gesamentlike braai-area langs swembad. Onderdakparkering. Perseel omhein met elektrifisering en afstandbeheerhekke. "AA Highly Recommended PLUS 3 Ster TGCSA" gradering. Skakel kantoorure vir verdere inligting en kleurbrosjyre. Tel. 039 312 1052 of faks 039 317 1870. E-pos: admin@marlicht.co.za Webbladsy: www.marlicht.co.za

AMANZIMTOTI – AFSAAL 602: Ruim 2-slaapkamerwoonstel met see-uitsig. Toegerus vir 6/7 persone. Spesiale aanbiedinge buiteseisoen. Tel. 011 954 5288 of 082 335 7101.

DOONSIDE (SHANGRI LA): (Twee km suid vanaf Amanzimtoti.) Twee- en drieslaapkamer vakansiewoonstelle vir tot 9 persone teen die strand. Rustige omgewing, vriendelike kompleks, see-uitsig, beveiligde onderdakparkering, kleur-TV, ens. Braaiplek en swembad op perseel. Privaatbesit, billike tariewe. Skakel asseblief 012 567 3933. Sel. 082 390 9465. E-pos: lettiefour@gmail.com

WESKAAP / TUINROETE

STRAND/BLOUBERG/GORDONSBAAI/ STELLENBOSCH/BETTIESBAAI/ WATERFRONT/BELLVILLE/KAAPSTAD:

Vakansieverhuring van woonstelle, huise heeljaar en Desember! Kontak 083 313 4215 of cosybeach@absamail.co.za

STELLENBOSCH: KIERIE KWAAK selfhelpeenhede en gastehuis (2, 3 en 10 persone) geleë op 'n plaas buite Stellenbosch. Skakel Sonja of Koos van Zyl: faks/tel 021 883 3163 / 082 551 4784 of www.kieriekwaak.co.za vir verdere inligting.

GLENTANA: Ruim selfsorgwoonstel, baie netjies en volledig toegerus, TV, ens. Slaap 4/6; 80 m vanaf see. Skakel 044 879 1381 of 082 871 5859.

GLENTANA: Strandhuis met 4 slaapkamers, 4 badkamers, ens in lieflike omgewing. Toegerus vir 9 persone. Loopafstand vanaf swemstrand. Fantastiese uitsig oor die see en swemstrand. Buiteseisoen: R750 per dag (minimum 5 dae). Ander tye se tarief op aanvraag: Skakel 084 504 6640.

PLETTENBERGBAAI: Strandhuis, 5 min. se stap na hoofstrand. Slaap 9. Minimum 2 nagte. Skakel 021 913 5552 of 084 503 5552.

BELLAIR, BELLVILLE: 2-slaapkamerhuis in baie rustige omgewing (en 'n hanetreetjie van GK Bellville-Oos), te huur vir kort- tot mediumtermyn. Slaap 5/6 persone. Ekstra geriewe: ten volle toegeruste kombuis met wasmasjien, WiFi, DSTV (premium) en privaat geslote agtertuin met oordekte stoep en braaiput. Maandelikse tariewe ook beskikbaar. Vir meer inligting kyk op <https://www.wheretostay.co.za/blackwoodcottage> of skakel gerus, Ingrid 072 573 0667 of 021 910 2260 / ingridkl@iafrica.com

OOSKAAP

GRAAFF-REINET: KADASH GASTEHUIS op die plaas Damesfontein. Moeg van die gejaag? Ons bied u: rus en vrede, 'n gerieflike gastehuis, kaggelvuur-aande, plaasmuseum, fossiele, bossiepad, wandelpaai ... Karoostilte. U is baie welkom! Kontak Marguerite by tel/faks 049 845 0253, sel 082 4130 579. Webbladsy: www.kadash.co.za

Naby Haga Haga/ Oos-London: 16 Chalets beskikbaar in veilige afgeleë privaat natuurreservaat, stap see toe, strandmeer. 6-Slaper, 2-slaapkamer, badkamer en toegeruste kombuis. In Aprilvakansie is chalets R900 of R1000 per nag. Buiteseisoen tariewe ook beskikbaar. Pragtige kampterrein met 63 staanplekke met groot skoon ablusieblok. Strand is absoluut veilig, ideaal vir aandvisvang. Facebookblad: @Bosbokstrand. Skakel Lorna by 043 841 1644 of SMS 082 951 4747.

KAROO

COLESBERG: KAROO HUISE. Oornag in gerestoureerde dorpshuise, nasionale gedenkwaardighede met antieke meubels. Die gerieflike huisies is selfsorgeenhede, geleë in 'n stil straat. TV, braaigeriewe en veilige parkering. Restaurante binne loopafstand. Kontak T Vorster 051 753 0582; e-pos: hvzvorster@absamail.co.za; web: www.karoohuise.co.za

COLESBERG: OUDE HOSTEL. Luukse kamers met privaat badkamer en TV. Billike prys, veilige parkering, swembad. Tel. 051 753 0131.

COLESBERG: GUINEA-FOWL GASTEHUIS. Geleë in stil omgewing, weg van hoofstraat, veilige parkering op die erf. Alle kamers het eie buitedeur en eie badkamer. TV in gesamentlike sitkamer vir gaste. Billike tariewe. Stapafstand van eetplekke. Koffie- en teegeriewe in elke kamer. Skakel Jan en Louise Augustyn by tel/faks 051 753 0197 of 082 899 3964.

MPUMALANGA

DULLSTROOM: Volledig toegeruste 5-slaapkamerhuis op 'n plaas, 10 km vanaf Dullstroom. Ontbyt op aanvraag. Visvang, stap, ens. Skakel Sarie 082 550 1126.

SABAAN VAKANSIE-OORD: is geleë op 'n subtropiese plaas in die Sabie-riviervallei, sentraal en net 35 km vanaf die Kruger Nasionale Park en die asemrowende mooi panorama-roete (bv. God's Window, watervalle en vele meer). 22 gerieflike, toegeruste selfsorgeenhede elk met 'n privaat braai-area en parkeerplek. Slaap in totaal 135 gaste, wat ideaal is vir skoolgroepe / kerkgroepe & funksies. Spyseniering op aanvraag. Skakel gerus 071 545 0155 / 061 477 8339.

VRYSTAAT

BLOEMFONTEIN OORNAG: Luukse oornagwoonstel met veilige parkering, TV. Skoon en netjies. Gasvrye en rustige atmosfeer. Skakel 051 522 6035 of 082 726 9959.

BLOEMFONTEIN: Selfsorg oornagkamers elk met: minikombuis en badkamer, lugreëling, braai- en vriesgeriewe, TV, veilige onderdakparkering. Slaap 1-4 en 1-5 persone, naby N1. Skakel Belie by 051 433 2635 of 072 342 7530.

ALLERLEI

OPMETINGSINSTRUMENTE: Bukswaterpasse (automatic levels), teodoliete, meetwiele, laser vir konstruksie, RTK, GPS, Total Stations. Protea Geomatics: Tel. 011 976 2070. Sel 083 259 8931 of 083 265 7272. E-pos: sales@protsurv.co.za

BINDWERK: Flink bindwerk van hoogstaande gehalte. Dienste sluit in die:

- Inbind van proefskrifte en verhandelinge
- Herstel van ou of beskadigde boeke
- Inbind van tydskrifte, sowel as
- Gespesialiseerde binddienste

Kontak Lukas van Vuuren, tel. 011 477 4183.

kleinADVERTENSIES

BOEKE deur prof. VE d'Assonville:

Pryse sluit nie verpakkingskoste en posgeld in nie. 'n Standaard aflewingsfooi van R100 word gehef vir 'n bestelling tussen 1 en 10 boeke, binne die grense van Suid-Afrika.

Bestel by: Marnix, Posbus 4045, Mokopane, 0060.

Tel: 082 441 5461 (Millie Wyma).

E-posadres: milliewyma@ballmail.co.za of www.marnix.co.za

Dit is Totius (Biografie, hardeband, 284pp. met 50 foto's) R75

SJ du Toit van die Paarl (Biografie, hardeband, 450pp. & 50 foto's) R150

Bloedrivier (Een van die grootste dramas in Afrika – keerpunt van 'n beskawing. Gelamineerde sagteband, 70pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Die Groot Diamantroof (Anneksasie van die Vrystaatse diamantvelde. Gelamineerde sagteband, 116 pp. met foto's) R130

Die Van der Merwes van Middendeel (Geskryf saam met Nico vd Merwe. Gelamineerde sagteband, 166pp. met foto's) R150

Generaal de Wet in die Vrededfortkoepel (Gelamineerde sagteband, 240 pp. met ou foto's tydens die oorlog en moderne foto's van die plekke vandag) R150

Kruger en Rhodes (Die berugte Jameson-inval in 1896 en die aanslag van Milner teen Transvaal in 1899. Gelamineerde sagteband, 82pp. met foto's) R60

Majuba (Ongelooflike Boere-oorwinning oor Groot-Brittanje op 27 Feb. 1881. Gelamineerde sagteband, 75pp. met foto's) (Ook in Engels) R60

Op die Bodem van die Vaaldam (Dramatiese geskiedenis van 'n Boereplaas wat in 1936 deur die Vaaldam se waters toegestoot is. Die aangrypende episodes van hierdie mense in die Anglo-Boereoorlog, die krygsgevang- en konsentrasiekampe en die

Rebellie van 1914 saam met Genl. de Wet. Gelamineerde sagteband, 211pp. 55 foto's) R100

"O Vaalrivier... Broederstroom!" (Rebellie 1914. Gelamineerde sagteband, 148 pp. met foto's) R135

Totius se Oorlogsdagboek (Die digter Totius se ervarings as Kaapse rebel 1899-1900. Gelamineerde sagteband, 72pp. met foto's) R60

Calvyn verdedig sy stad (Die geskiedenis rondom een van Calvyn se belangrikste geskrifte, sagteband, 16pp.) R5

Die boek Openbaring (Lig van God se Woord op wêreldgebeure. 2de nuutverwerkte uitgawe. Gelamineerde sagteband, 250pp.) R90

The Book of Revelation (Gelamineerde sagteband, 126pp.) R90

Die koms van Christus en die Antichris (Die kerk wag elke dag op die koms van Jesus Christus. Die Antichris is egter alreeds daar, maar word tans nog teëgehou totdat die Evangelie klaar verkondig is. Kardinale vrae beantwoord. Gelamineerde sagteband, 104pp.) R60

Die Psalms sing van Christus ('n Dagboek oor die Psalms wat ons van God se beloftes verseker. Gelamineerde sagteband, 194pp.) R90

Gereformeerde Doopsformulier (God se beloftes en eise aan ons. Hardeband, 114pp.) R10

Bakens vir die Kerkgeskiedenis (Die geskiedenis van die kerk van Pinkster tot by die 17de eeu. Hardeband, 102pp.) R10

Kerk op die Wit Hooglande ('n Gedenkboek oor die Gereformeerde Kerke in Kenia met volledige doopregisters. Hardeband, 128pp. met baie foto's) R50

Eugène Marais en die Waterberge (Onbekende voorvalle met mense, diere en plante. Gelamineerde sagteband. 76pp. met gekleurde foto's) (Ook in Engels) R100




JAN HARM STEENKAMP
B.Pharm. PSQT

Tel 058 303 5431 (alle ure) Faks 058 303 7208 Posbus 348 BETHLEHEM

Ons ondersteun graag Die Kerkblad

BOEKE BY DIE ADMINISTRATIEWE BURO




R120.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R150.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R56.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)



R210.00
(posgeld en verpakking
uitgesluit)

**Bestel by: Administratiewe Buro, Afdeling Publikasies, Posbus 20008,
Noordbrug 2522; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**

Die volgende gesprek met die redakteur op PretoriaFM vind plaas op

SONDAG 18 MEI 2022.

U kan na PretoriaFM luister op 104.2 / 106.6 MHz; of TV-oudiokanaal 887.

Stuur artikels of briewe aan

Die Kerkblad:

Posbus 20008, Noordbrug 2522;

faks 018 293 1042

E-pos: kerkblad@gksa.co.za (kopieredakteur)

callie.coetzee@nwu.ac.za (redakteur)



POTCHEFSTROOM
TEOLOGIESE • THEOLOGICAL
PUBLIKASIES • PUBLICATIONS

POTCHEFSTROOM TEOLOGIESE PUBLIKASIES (PTP)

is 'n uitgewersmaatskappy wat hom beywer vir die bevordering van die gereformeerde teologiese wetenskap deur die publikasie van:

- vakkundige literatuur (akademiese boeke wat deur vakkundiges en teologiese studente geraadpleeg sal word)
- populêr-wetenskaplike literatuur (boeke wat wetenskaplik begroot is, maar wat in 'n populêre styl aangebied word vir die populêre mark)
- Christelike stigtelike literatuur (geskenk- of Bybelstudieboeke)

! NUWE PUBLIKASIE !

OORDENKINGS OOR DIE BERGREDE – 2022 (FRANCOIS P VILJOEN EN ALBERT J COETSEE (reds.))

Om as geseënde burgers van die Koninkryk van die hemel te leef" bestaan uit 'n reeks oordenkings uit die Bergrede (Matt. 5-7). Die Bergrede staan ook as die Grondwet van die Koninkryk van die hemel bekend. Op grond van die Here Jesus se selfopofferende liefde is sy volgelinge uitermate geseënd om burgers van hierdie Koninkryk te wees. Die Bergrede beskryf 'n burgerskap wat volgens die Grondwet van die Koninkryk lewe. Jesus se onderrig in die Bergrede het sy gehoor verbaas, want Hy het hulle geleer soos iemand wat gesag het, en nie soos hulle wetgeleerdes nie (Matt. 7:28-29). Mag hierdie publikasie met oordenkings van dié besondere preek jou ook met ontsag, verwondering en toewyding aan ons Here en Koning vervul.

PRYS: R70 (posgeld en verpakking uitgesluit)



BESOEK GERUS ONS WEBBLAD

**www.ptpboeke.co.za en ons Facebook-blad
Potchefstroom Teologiese Publikasies**

**BESTEL BY: PETRO KROEZE, ADMINISTRATIEWE BURO
Tel. 018 297 3986; faks 018 293 1042; e-pos bestellings@gksa.co.za**